ISSN 0258-0152

# SWART OP WIT

jg 3/5 vere et iucunde Oktober 1987

# KATKISASIEBOEK WORD HERSIEN

Na ernstige besware teen die nuwe NG katkisasieboek vir st. 5 het die Jeugkommissie van die Algemene Sinode bekend gemaak dat die boek hersien sal word. In 'n verklaring in Die Kerkbode van 9 September '87 sê die AJK dat hy kennis geneem het van verskeie briewe in Die Kerkbode, besluite van ringe en konferensies asook beskrywingspunte by sinodes oor die nuwe kategeseboeke; dat die boeke aan 'n "objektiewe kommissie, bestaande uit dogmatici" voorgelê en daarna in die lig van die advies hersien sal word.

Vir hierdie besluit en aankondiging kan ongekwalifiseerd dank en waardering betuig word.





By navraag op die Noord-Transvaalse Sinode het ds. Dirk Viljoen, skriba van die Algemene Jeugkommissie, meegedeel dat die paneel van dogmatici waarskynlik proff. J.A. Heyns en W.D. Jonker, onderskeidelik van die Fakulteite Pretoria en Stellenbosch, sal insluit. Daar kan aanvaar word dat prof. P.C. Potgieter van Bloemfontein nié op die

Na bl. 4

MANIE MALAN

**DIE EERSTE TREE**



'n Leesboek vir Eerstejaarkatkisante

DIE EERSTE TREE is in Julie vanjaar geskrywe en verskyn DV einde Oktober by Claritas. Die prys is R7-75 met 'n kwantiteitsafslag. Die boek dek in 30 hoofstukke (104 bladsye) die hele sillabus vir st. 5-kategese, en is in 'n gesellige gesprekstrant tot die katkisant gerig. Dit het 'n positiewe toon en die katkisant word nie by polemieke betrek nie.

# MANIE SE HUIS

*Soms, net soms, sit hulle die mikrofoon reg, en dan mag hy lees en bid – vir almal. Hierdie mikro-opstelletjie word opgedra aan Pierre en Lina Enslin.*

Soos dit met almal gaan, het hy toe ook te oud geword vir die "skool". Toe was daar die nasorgsentrum, wat sommige beskermde arbeid noem. Eers was hy 'n skoonmaker in die stalle, en toe in die papierafdeling. Daar het hulle met die hande papier geskeur. Koerante en tydskrifte, en elke papier wat maar geskeur kan word; van Maandag tot Vrydag; van 8 tot 4 elke dag. En Vrydagmiddag het hulle salaris gekry. Tweë rand; net meer as 'n sent 'n uur.

Nie dat hy omgegee het nie. Want hy weet nie regtig hoe veel of hoe min geld werd is nie.

Maar toe kry hy die werkie. By die geriatriese kliniek. Hekwag; en alles waarvoor hy maar nodig gekry word.

En toe word hy 'n nuwe mens.

Sy hele 19 jaar is daar na hom gekyk, is hý opgepas en versorg. Nou kyk hý na mense, na seniele bejaardes; hy help voer, hy stoot hulle in hulle stootstoele stoep toe, hy help die siekes die ambulans in en selfs dooies in 'n lykswa. En hulle, die óú mense, wat nie mooi weet waar hulle is nie, noem hom "Meneer". En, soms, sit hulle die mikrofoon reg, en dan mag hy lees en bid – vir almal.

Sy beker loop oor. Hy dra 'n uniform en 'n pet soos 'n polisieman. Hy kry tips by die groot hek – waarvan hý die sleutel dra.

* * *

En toe kom ek met die karavaan daar aan. Dit was wat nog kortgekom het. 'n Slaaplek, want die tehuis is oorvol.

En ek sê dis sýne; hy gaan dit met sý geld betaal; die geld wat hy elke einde van die maand in sy koevertjie kry en met bewende krom vingers uithaal.

Hy kon dit nie glo nie. Hy het net daar gestaan met sy arms slap langs sy sye en uitasem gesê: "Pa, ek is gelukkig"; en later: "Ek was stom geslaan." Hy ken al 'n paar idiome; hy ken ook twee grappe.

Nou het hy sy eie werk, en sy eie geld, én sy eie huis; 'n ou karavaan, maar waterdig en skoon, op die hoewe van Pierre en Lina wat verstaan het en weet wat liefde is. Nou beteken hy iets. Hy is nie 'n las nie. Die vrees dat hy nutteloos in hierdie harde lewe sal spartel en verdrink, is beskaam. Hy het die toets geslaag. Elmer had dit reg toe hy 15 jaar gelede gesê het: "Hy het staal in sy bloed."

Ek is trots op hom. Ek is bly hy dra my naam. Ek skaam my daaroor dat ek eers daaronder gely het.

As hy net minder wou rook.


**SWART OP WIT**

Redakteur: Manie Malan
Mederedakteur: Elmer Erlank
Administrasie: Annatjie Malan

ADRESSE

Bydraes: Die Redakteur, posbus 15185, Lynn East 0039
Tel: (012) 821105
Administrasie: Claritas, posbus 15621, Lynn East 0039
Tel.: (012) 821105

OUTEURSKAP

Alle artikels waarby die outeur nie vermeld word nie, is van die redakteur.

KOSTE

Intekengelde beloop R20 per keer en is vooruitbetaalbaar. Een uitgawe van 20 bladsye kos ongeveer R3.

FREKWENSIE

SOW verskyn telkens as hy gereed is, maar nie meer dikwels as een keer per maand nie.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/5 OKTOBER 1987

# BRUIKBARE BOEKE

**HOE "TOE HET GóD" DIE LEERPLAN VAN "GLO EN BELY" – DIE BELYDENISKLASKAT-KISASIEBOEK – DEK**

| Sondag no. | Toe het Gód | Glo en bely |
|---|---|---|
| 1 | par. no. 1,2 | les no. 2,3 |
| 2 | 3–8 | – |
| 3 | 9–15 | 21 |
| 4 | 16–23 | – |
| 5 | 24–37 | 6 |
| 6 | 38–44 | 7 |
| 7 | 45–47 | 8,9 |
| 8 | 48–50 | 10,5 |
| 9 | 50 (vervolg) | 17 |
| 10 | 51–56 | 18 |
| 11 | 62 | 18 |
| 12 | 62 (vervolg) | 19 |
| 13 | 63–68 | 4,12 |
| 14 | 69 | 15 |
| 15 | 70 | 24,25 |
| 16 | 71–72 | 13 |
| 17 | 73 | 14 |
| 18 | 74 | 4 |
| 19 | 75 | – |
| 20 | 76 | 11 |
| 21 | 77 | 29 |
| 22 | 77 (vervolg) | 30 |
| 23 | 78,79 | 16 |
| 24 | 80–83 | 23 |
| 25 | 84–88 | 22 |
| 26 | 89–96 | 20,27 |
| 27 | 96–100 | 1,26,28 |




"Toe het Gód" is nie 'n handboek met enige spesiale kerklike gesag nie. Dit is bedoel as 'n leesboek vir die katkisant – om hom te help.

**HOE "DIE EERSTE TREE" DIE LEERPLAN VAN "KEN EN VERTROU" – DIE NG KATKI-SASIEBOEK VIR ST. 5 – DEK**

Die hersieningslesse van Ken en Vertrou is weggelaat.

| Ken en vertrou | Eerste tree |
|---|---|
| Les 1 | Hoofstuk 2 |
| 2 | 4 |
| 3 | 29 |
| 4 | 24 |
| 5 | 25 |
| 6 | 8 |
| 9 | 5,6,7, |
| 10 | 9 |
| 11 | 10 |
| 12 | 6 |
| 13 | 11 |
| 16 | 12 |
| 17 | 13,14 |
| 18 | 15,16 |
| 19 | 17 |
| 20 | 28 |
| 21 | 18,19 |
| 24 | 1,21 |
| 25 | 19 |
| 26 | 27 |
| 27 | 16 |
| 28 | 22,23 |

# SEWE JAAR TEEN DIE SONDE*

Eers dag ons dis 'n grap, of dat ons dalk die einde van die storie verkeerd raai. Maar nee, die man is doodernstig.

Hy's 'n ingenieur en 'n ouderling. En 'n ander ouderling het by hom gaan kla oor die sondes van die predikante. Nou sê hy: As ek as ingenieur, wat 5 jaar gestudeer het, 'n fout maak in my fabriek, dan moet ek die ding reg of oor-maak. Dit word van my verwag om foutlose werk te lewer.

Nou júlle het sewe, ses? hoefel? jaar geleer? (Sewe, sê ons.) Sewe. Daarom kan die mense met reg verwag dat julle minder sonde moet doen as hulle. Julle moet meerder sukses behaal teen die sonde as hulle.

Net so. Dit was sy woorde.

Ons drie staar verslae. Kollega Nico kyk vir my en bedwing sy lag. Ek kan nie lag nie, want ek kyk vir die ingenieur. Ek wil ook nie vir hom lag nie, want ek is lief vir hom. Ook omdat hy so sukkel om nie growwe taal te gebruik as hy die gemeente oor finansies toespreek nie.

Kollega George se gesig is uitdrukkingloos agter sy rooi baard. Hy bid waarskynlik sonder hande te vou.

Toe kry ons ons asem.

Maar ons het nie sewe jaar lank geleer om minder sonde te doen nie! Ons het sewe jaar lank geleer aan hoe groot ons sonde en ellende is — dat dit net so groot soos die gemeente s'n is, en nog groter. (Prof. Koekjan: "Menere, die probleem van die predikant is dikwels dat hy mense moet help met probleme wat kleiner is as sy eie.")

Ons het geleer om die mense in hulle ellende te troos. Om te verduidelik dat Jesus ons sonde op Hóm geneem het. Dat God oor ons saligheid besluit het voor ons goed of kwaad kon doen; dat ons goeie werke daarom nie 'n voorwaarde vir ons saligheid is nie, wel 'n gevolg; dat Paulus die grootste van die sondaars was om die genade te kan verstaan en verstaanbaar te maak.

> *Die man was jou werklik ernstig: dat 'n dominee minder sonde behoort te doen omdat hy sewe jaar gestudeer het.*

Dis absoluut onwaar dat die dominee op die kansel moet staan en die mense hoogheilig moet probeer oorreed om so vroom en sonder sonde soos hy te word. Ek het S.U. Zuidema dit al in 1954 net so op die Tweetoringkerk se kansel hoor sê. Met hierdie soort vroomheid kweek ons Fariseërs, nie gelowiges nie.

Gelukkig was daar verskeie in die komiteevergadering wat verstaan het wat ons sê. 'n Groot sakebestuurder, 'n dosent in veeartsenykunde, nóg 'n ingenieur, 'n professor in ekonomie en 'n tikster.

En ons vriend, die ander ingenieur, sál nog verstaan. Hy het die waarheid te lief om op die lange duur nie te verstaan nie.

* Ook by die Kerkbode aangebied in Maart '87

---

Van bl. 1 **BOEK HERSIEN**

paneel sal dien nie omdat hy, soos dr. P.F. Theron van Stellenbosch, by die keuring van die boek betrokke was. (In 'n verklaring ná die verskyning van die boek, het die AJK meegedeel dat hy bewus is van die feit dat dr. Theron hom nie met alles daarin vereenselwig nie.)

Wat die huidige betref, sal 'n regstellingslys aan die gemeentes gestuur word "sodat veral kategete die korreksies vir hulle kinders kan aandui".

Bykomend het die sinode van Noord-Transvaal ook die AJK versoek om bladsye 334 tot 336 van die handboek vir kategete te rojeer. Dit is die gedeelte wat die kategete leer hoe om kinders na die Here te lei, en wat aansluit by die Gemeenteboureeks se gespreksboekies — wat tans eweneens die onderwerp van drukke debat en ondersoek is. Op bl. 336 kom 'n sin voor wat sonder enige twyfel in stryd met die gereformeerde belydenis is: "Laat hom verstaan dat Jesus nie kan inkom voordat daar nie met

# DIE ETIEK VAN DIE CHRISTELIKE STAAT

Niemand het skynbaar moeite met die etiek van die Christelike kerk nie. Dit staan minstens in die Bergrede, al kan die kerk dit nie nakom nie.

Maar nog minder kan die staat dit nakom. Dit kan nie eens as ideaal aan die staat voorgehou word nie, sê Rothuizen aldus 'n kollega wat bel. Die staat se etiek staan in Romeine 13, nie in Matteus 5 nie. Dis byna soos Kuyper vir wie die staat neutraal móés wees sodat dit vir die staat onmoontlik sal wees om te bepaal wie van die Gereformeerde of die Hervormde kerke in Nederland in 1886 die ware kerk sal wees.

*Hoe sal jy oor die Christelike staat preek? Die kerk móét dit tog soms doen?*

Ek antwoord deur te sê dat al die serebrale onderskeidings my stom laat. As ek dit nie aan "ongeleerde mense" (Calvyn) kan preek nie, beteken dit niks.

"Maar hoe sal jy daaroor aan die mense preek? Die kerk móét tog ook praat oor die staat en die politiek?"

* * *

Die staat is 'n dienskneg van God, of hy dit weet of nie; selfs 'n dienskneg van die kerk. Die kerk is 'n dienskneg van die genadewoorde van God, en die staat moet die orde en die ruimte skep waarin dié genadewoorde gehoor kan word. Die staat het nie 'n (skeppings-)taak op homself nie. Nie Bybels gesien nie. Ons wag dat die Here weer moet kom, wanneer Hy finaal ons vyande sal oordeel, en intussen word die dwase edelmoedige evangelie verkondig waardeur dié wat glo gered word.

Sodat hiérdie woord gehoor kan word, moet die staat die orde en die ruimte skep. God het nie van die weerkoms vergeet nie. Hy hou dit in sy genade en lankmoedigheid terug sodat die mense tot bekering kan kom. (2 Pet. 3:9) En die staat, met die interim-swaard in sy hand, moet sorg dat hierdie woorde gehoor kan word. Terwyl die gaste vir die groot bruilof weerloos in die kerke sing en bid totdat die laaste basuin blaas sodat hulle die loopgrawe mag uit, moet die staat hulle beskerm teen plundering.

Dit is die taak van die staat.

* * *

Maar nou is die staat tog nie doof nie.

Terwyl hy by die deure en langs die mure wagstaan, hóór hy tog die genadewoorde van die Here. Hy hoor die beloftes — o.m. van die nuwe hemel en die nuwe aarde, waar die dooie see sal lewe en die leeu en die lam saam sal wei. En hoe die koninkryk nóú al aanbreek in die harte van die mense wat hierdie beloftewoorde hoor en glo.

*Die staat is tog nie doof nie. As hy wagstaan by die kerk, hoor hy die evangelie. Mits die kerk die evangelie preek.*

En as die staatsamptenare wat hierdie woorde hoor, dan ook nog Christene is, kan dit nie anders nie as dat dit hulle sal raak. Dat die begeerte by hulle sal ontstaan om ook iets van hierdie komende koninkryk van God in húlle koninkryk te realiseer, al is dit nog maar meesal byna nuttelose skaalmodelletjies van die koninkryk wat kom.

Hulle leer ook iets meer van wat die ware vrede is wat hulle moet handhaaf.

Byvoorbeeld dat as 'n lam en 'n leeu saam sal kan eet, 'n witman en 'n swartman dit darem seker ook in vrede moet kan doen?

Van bl. 4

sy sonde afgereken is nie. Jesus wil en kan nie in 'n vuil hart woon nie."

* * *

Die AJK voer aan dat die dilemma veroorsaak is deur 'n onafgehandelde debat in die kerk oor verbond, wedergeboorte en bekering, oftewel Goddelike en menslike verantwoordelikheid. Daarom sal die kerk met groot verwagting uitsien na die studie wat die Algemene Sinode se Kommissie vir Leer en Aktuele Sake in opdrag oor dié sake sal maak. Daar is by ons min twyfel oor die uitslag — veral in die lig van die feit dat die NG Kerk die Gereformeerde Kerke in Nederland oor leerdwaling en versuim om leertug toe te pas, aangespreek het. Woordvoerders van die AJK het ook by herhaling gesê dat hulle niks anders wil doen nie as om ons gereformeerde belydenisse tot hulle reg in die katkisasieboeke te laat kom.

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/5 OKTOBER 1987*

# EMMERENTIA GELDENHUYS EN LOT*

Ons was drie dae en twee nagte in die konferensie-oord Emmerentia Geldenhuys naby Warmbad om bietjie van die telefoon te rus, en ek kon ure lees aan Derek Kidner se uitstekende kommentaar op Genesis; tussen die mooiste voëls en eekhorinkies. Daar het ek kennis gemaak met Pieter Datema en sy Johanna, en my nog eens verwonder hoe (gewese) Hollanders met ambagshande teoloë kan wees met beter boeke op hulle rakke as sommige dominees.

Die heer Datema het ons die Sondag die hele sentrum gaan wys en vertel hoe die groepsgebiedewet dié mooi swart hoërskool gesluit (en verskuif) het en hoe die plek besig is om, opgegradeerd, een van die mooiste konferensiesentrums in die land te word.

Hy het my ook 'n Korte Verklaring geleen en met die kinders in Klein Kariba (oorkant die pad) en Warmbad se warm baddens, was dit ure lank net ek en Adam, Abel, Noag, Abraham en Lot.

> ***Ek sien myself en baie ander sukkelaars in Lot. As God ons nie soos brandhout uit die vuur ruk nie...***

Veral Lot was fassinerend, sy dit tersyde. Die regverdige man, sonder 'n pelgrimsgees. Wat in die stadspoort sit, Sodom kén en sy regverdige siel kwel, maar die stad nie verander soos Daniël en Josef nie. En as God en die engele daar aankom, neem hy hulle sy huis in, gee hulle haastige pasgavoedsel, en probeer hulle beskerm teen die wellustige seksperverte van Sodom wat Sodomie wil pleeg.

Die regverdige Lot, met sy beste goeie werke. "Moenie so 'n verkeerde ding doen nie. Ek het twee dogters. Hulle het nog nie gemeenskap met 'n man gehad nie. Ek sal hulle vir julle laat uitkom... "

Hoe edel – die regverdige ou sukkelaar, wie se vrou 'n soutpilaar word en wat toe nie 'n vars een soek nie, maar sommer in sy roes met sy dogters paar.

*Ook by Die Kerkbode aangebied in Mei '87.

Van die gebeurtenis die nag skryf Kidner: "That a virtue can be inflated into a vice is glaringly plain here, for Lot's courage in going out to the mob proves his sincerety, and a smilar offer in Judges 19:24 reveals the same scale of values. Doing his best, Lot has jeopardized his daughters, enraged his townsmen, and finally required rescue by those he was trying to protect."

Dit mag wees dat my ervaring anders is as dié van my regverdige lesers, maar ek sien myself en baie ander mense ook in Lot. As God ons nie soos 'n brandhout uit die vuur ruk en Christus se geregtigheid en vergifnis aan ons toereken nie; 'n vreemde en onverdiende krediet via die hemelse joernaal. Verloste sondaars wie se beste werke van sonde besmet, deurkanker, nie bespat nie, is. Strafwaardig, sê die belydenis.

In teenstelling met baie boetepredikers, het ek nooit gedans nie. Ek het dit nie gedoen nie omdat ek gedink het dat ek beter as die half-besope dansers is. Maar later het ek begin om tot bekering te kom.

## In die erediens



In die erediens word die woorde van God aan u *bedien* – soos voedsel van 'n skinkbord af. 'n Erediens is nie 'n inligtingskonferensie waar mense vertel word wat om te maak of hoe die pad loop nie. Die Woord word aan u meegedeel, uitgedeel, *gegee*; u kry *deel* daaraan. Dáárom is dit "woorde van die ewige lewe." (Joh. 6:68) As God sê: Jesus het vir jóú gesterf, dan mág jy dit glo. God se Woord is 'n kragwoord, skerper as 'n tweesnydende swaard. (Hebr. 4:12) En dis 'n beloftewoord. God belowe die ewige lewe, en Hy bedoel wat Hy sê.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/5 OKTOBER 1987

# ONS IS NIE OBJEKTIWISTE NIE

*'n Kykie in die gedagtewêreld van mense vir wie ons klem op trou aan die belydenisskrifte 'n verleentheid is.*

By 'n konferensie onlangs in Benoni het prof. Adrio König aan my persoonlik 'n groot guns bewys. Vir die eerste keer, of by hernuwing, kon ek agterkom waarom ons klem op trou aan die Reformatoriese belydenisskrifte in sekere kringe geen groot geesdrif wek nie; selfs 'n verleentheid is.

Die moderne ideaal is naamlik nie die nougesette belydenisgetroue duiding van die evangelie nie, maar die vind van dinge waaroor ons saamstem. Trouens, prof. König is van mening dat die belydenisskrifte mank gaan aan groot gebreke. Vierhonderd en vyftig jaar lank het ons en Rome teen mekaar geveg. Nou moet ons kyk waar ons kan saamstem, ook met die sogenaamde sektes, sê prof. König.

> *As prof. König se uiteensetting korrek is, kan ons die knaende suspisie dat ons objektiwiste is, eens en vir altyd uit die weg ruim.*

Sy uiteensetting is besonder waardevol omdat hy die kenmerke van die objektiwisme* tabelleer.

God alleen
uitverkiesing
weergeboorte
eers weergeboorte dan bekering
slaaf
geloof as gawe
sekerheid op God gebou

As daar nóg mense is wat dink dat ek 'n objektiwis is, en hulle aanvaar die professor se uiteensetting, kan ons dit nou eens en vir altyd uit die wêreld maak.

Ek dink nie dat *God alleen* bestaan nie, net dat Hy alléén red. Hy het die mens verlos, en die mens *glo* dit. Dis onweerlegbaar waar: extra nos, sed pro nobis.

Die uitverkiesing is ook waar. As die belydenis daarvan objektiwisme is, is die Dordtse Leerreëls dit ook.

Weergeboorte vóór bekering, is 'n verouderde ortodokse opvatting wat nie die ware gees van die Reformasie vertolk nie. Weergeboorte is God se werk, sy belofte, wat Hy deur die evangelie veroorsaak. Weergeboorte is nie 'n geheime werking wat geloof veroorsaak nie. Trouens, ek gló God se belofte dat Hy my weer gebore gaan laat word — uiteindelik volmaak in die hiernamaals. En tog gaan die Skrif ook so soepel met dié woord om dat hy ook kan sê dat die weergeboorte met die opstanding van Jesus plaasgevind het. (1 Pet. 1:3)

"Slaaf". Ek verskil nie van Paulus en Jakobus wat hulle self 'n slaaf van Jesus Christus noem nie, omdat Jesus ons vrygemaak het.

Dat geloof 'n gawe is, sê die Bybel ook, maar die verkeerde verstaan daarvan vind ek eerder by die subjektiwiste. Hulle sê dis 'n voorwaarde, maar dat God hulle in staat stel om aan dié voorwaarde te voldoen. Ek beskou geloof as 'n menslike aktiwiteit en die "gawe" lê dáárin dat God ons met die evangelie oorrompel het. Hy het ons omgepraat. Dis nie God wat glo nie, dis die mens, maar die geloof is leeg. Dit glo dat God gered het toe die mens magteloos was. Dis tog nie objektiwisme nie?

Dat ons "sekerheid op God gebou" is, is sonder meer waar. Dis ook geen eensydige objektiwisme nie.

* * *

Besonder insiggewend is die siening wat prof. König sê die subjektiwis van die objektiwiste het.

" 'n Harde, onverbiddelike God". Ek weet nie wie hulle of hy in gedagte het nie, maar in die omgewing van Swart op Wit sal u so iets nie aantref nie. God wat Paulus op sy knieë laat staan en smeek dat

* Objektiwisme is die naam van die sonde wat ten regte of ten onregte aan die beskouing gegee word wat sê dat God alles gedoen het; dat die mens niks hoef te doen nie. Prof. K. beskou ons as objektiwiste want hy wou weet waarom die organiseerders van die byeenkoms nie ook "subjektiwiste" gevra het om te praat nie. By navraag het die hooforganiseerder gesê hy het probeer, maar niemand wou nie. Soos uit die berig sal blyk, beskou prof. K. homself nòg as 'n objektiwis nòg as 'n subjektiwis.

ons sal glo dat Hy álles gedoen het? Is dit objektiwisme?

"Partydige God" — slegs die God van die uitverkorenes, het prof. König verduidelik. Maar ons weet mos nie wie die uitverkorenes is nie? Ek het by geleentheid geskrywe dat ons vir *elkeen* moet gaan sê dat hy uitverkies is, soos ons kan sê dat Jesus vir hom gesterf het, en die subjektiwiste het die piep daaroor gekry.

> ***Die oorsaak van die doodsheid in die kerk is nie die gereformeerde leer nie, maar die ongeloof van die derduisende Arminiaansgeprogrammeerde kerkgangers wat weier om die evangelie te glo.***

"Onsekere, informerende prediking." Dit is op totale onkunde gegrond, ek weet nie wie s'n almal nie. Dit is juis ons passie om te laat verstaan dat prediking nie mededeling *oor* die heil is nie, maar *van* die heil. Wie hoor, mág glo. Maar prof. König sê die objektiwiste preek eintlik per definisie net vir die uitverkorenes. Dis al vir wie hy kan sê dat hulle kinders van God is. As hy eerlik wil wees, moet die prediker sê dat dit hom spyt, maar dat die ander ongelukkig nie kwalifiseer nie.

Ek het meermale al hiérdie opvatting gehekel. Ek is nie 'n objektiwis nie! Halleluja!

"Dooie, formalistiese kerk". Ons almal sukkel om die kerk te laat lewe. Ons ervaring is dat die kerk sukkel om te lewe omdat die duisende Arminiaansgeprogrammeerde lidmate die evangelieverkondiging nie glo nie, en ook nie die sakramente ernstig neem nie. Daar gebeur ontsettend veel in die kerk, maar hulle glo dit nie.

* * *

Nou gaan prof. König daartoe oor om die waardevolle in die twee eensydige standpunte aan te dui — wat hulle ondersteuners bymekaar behoort te bring.

Wat die objektiwiste betref, is hy bly oor hulle sê die inisiatief kom van God. Ook oor die "grootheid van die genade", nee, die genade alléén. Sola gratia. Aan te prys is ook "objektiewe sekerheid". (Omdat ons die polêre teenstelling van subjek en "Objek" nie as 'n geldige probleemstelling beskou nie, sou ek liewer saam met die formulier sê dat ons sekerheid op die tekens uit God se hand, ja op God self gegrond is.)

Waardevol by die subjektiwiste is: "menslike verantwoordelikheid". Ek is geleer dat die mens verantwoordelik is vir sy sonde en sy verlorenheid en verlore-gaan. By die subjektiwiste beteken "menslike verantwoordelikheid" egter die mens se "aandeel". Calvyn sê die enigste aandeel wat die mens aan die reddingsgebeure het, is die sonde. Ons glo van die evangelie is nie 'n aandeel nie. Ons is te bankrot om aandeelhouers te wees. Ek kan die waardevolheid van hierdie stukkie subjektiwisme dus nie insien nie.

"Universele genade". Die evangelie is inderdaad vir die hele wêreld bedoel, maar die subjektiwiste verstaan dit so dat dit 'n *aanbod* is wat in vryheid aanvaar of verwerp word. Dít is 'n dwaling.

"Heiligmaking as appèl". Dat 'n mens 'n appèl kan maak tot geloof en bekering — wat keersye van dieselfde saak is — kan ek verstaan, maar ek verstaan moeilik hoe 'n mens 'n appèl tot die mens kan rig om die Heilige Gees hom heilig te laat maak. Ons *word* heilig gespreek. Waarskynlik bedoel prof. König die oproep tot dankbaarheidswerke, maar subjektiwiste is baie huiwerig om toe te gee dat dié doemwaardig is.

> ***Ons glo van die evangelie is nie ons "aandeel" nie. Ons is te bankrot om aandeelhouers te wees.***

"Sending beklemtoon". Prof. König is uitgesproke daaroor dat subjektiwiste die sendingmense is. Ek is nie 'n sendingkundige nie,maar as sending gebou word op die wankele geloof in geloof, het dit nie 'n toekoms nie, maar buig dit terug na die heidendom. Ek sou wou waag om te sê dat die meeste Christene Christene geword het omdat hulle die evangelie geglo het. Was Paulus nie die grootste sendeling van alle tye nie? Was Paulus 'n subjektiwis?

* * *

Prof. König meen dat ons die saak van die Christendom kan dien deur 'n sintese tussen dié eensydighede te bewerkstellig. Dit het my aan wyle Zuidema laat dink wat gesê het sommige dink die waarheid is die balans tussen twee leuens.

> ***Was Paulus nie die grootste sendeling van alle tye nie? Was Paulus 'n subjektiwis?***

Ek sien geen heil in hierdie sintese-filosofie nie. Die enigste uitweg uit die huidige harwar is die suiwer verkondiging van die evangelie van genade, die volle evangelie, om geglo te word met 'n geloof wat deur die liefde werk. Ons belydenisskrifte is nie innerlik verskeurd deur die pole van subjek- en objektiwisme nie. Dit is 'n valse probleemstelling wat onnodig daartoe bydra dat die Gereformeerde kerke nie hulle ware eenheid en krag kan herontdek nie.

# DIE NAGMERRIE

Studiegedeelte: Hoogl. 5:2–9

*5:2 Ek het geslaap, maar my hart het gewaak.*
*Toe hoor ek die man wat ek liefhet, klop...*
*5:6 Ek maak oop, maar die man wat ek liefhet – is weg!*

*Die dertiende aflewering in ons reeks oor Hooglied, gebaseer op die Abisaghipotese.*

Hier kry ons oënskynlik 'n herhaling van die droom van 3:1–5. Dit ís waarskynlik 'n herhaling, maar in die sin dat sy twéé keer gedroom het.

Ek het jare lank byna elke tweede nag gedroom daar is 'n inbreker by die venster, en dan is die pistool nie in my pa se kouslaai nie. Nou nog droom ek soms dat my droom-plaas, Ventershoek, deur toeriste met 'n teerpad platgetrap word. En van slaap met 'n hart wat waak, weet ek ook alles.

> ***Iemand wat nog nie 'n deur in die nag oopgemaak het, of daardeur ingegaan het, sal nie die ekstase in Abisag se droom begryp nie.***

Abisag droom dat sy getroud is, maar dat sy – vreemd – in haar moeder se huis slaap. Dan klop die man wat sy liefhet aan die venster, en vra mooi dat sy moet oopmaak. Die koning wat uitgesluit is, wat nat gedou het, wat liefdeswoordjies praat, so half verskonend omdat hy haar pla. (2) Om 'n natgedoude slim hond na middernag hoog in Dutoitskloof in jou tentjie toe te laat, is 'n ervaring. Hoe moet dit wees om 'n mens, wat jy liefhet, uit die koel dou binne te laat?

Maar, vertel Abisag aan Salomo, toe gebeur die gekste ding. Ek hoor myself in my droom kla dat ek nie kan opstaan nie, want ek het al my slaapklere aan, en my voete is al gewas. Ek droom ek is nog 'n kuise dogtertjie wat verskonings uitdink oor die man by die venster. (3)

Toe het jy jou hand deur 'n opening gesteek, om self oop te maak, of sodat ek jou hand kan vat, en my hart het 'n slag oorgeslaan en die liefde het soos water in my opgebruis. Ek het opgespring, en die deurknop gegryp, en ek was so seker dat dit nie 'n droom was nie, want die mirre aan jóú hande, omdat jy na mý toe gekom het, was nog aan die deurknop. Ek droom dis so baie dat dit selfs van mý hande afdrup en stroom. (4,5)

En toe maak ek die deur oop vir jou wat ek liefhet. Met die vreemde gevoel dat dit die eerste keer is, hierdie oopmaak. Met die onbeskryflike gevoel – die ekstase wat niemand sal verstaan wat nog nie 'n deur in die nag oopgemaak het, of vir wie 'n deur nog nie oopgemaak is nie.

En toe is jy weg! Toe is jy nie daar nie! (Hou my styf vas...)

Dit was 'n nagmerrie. Op die drumpel van die grootste geluk het die duiwel die beker voor my lippe weggeruk. "Ek was so opgewonde toe hy gepraat het." (6) Letterlik staan daar iets soos: my siel het in my beswyk. Maar toe ek oopmaak, was hy weg.

Het hy my kamma kuise woorde nie verstaan nie? Het ek hom aanstoot gegee? Droom ek nie dalk nie?

Ek het na hom geroep, maar hy het nie geantwoord nie. Ek het hom gesoek, maar hom nie gevind nie. Soos vroeër, toe ek nog moes lewe in die hoop dat hy tog eendag sal kom, het ek weer in my droom en in my slaapklere met my kaal voete die stad in geloop, maar hy was weg, weg, weg.

Die wagte was weer daar, die polisie, net soos die vorige keer, maar hierdie keer wreder. Hulle het my geslaan, my seergemaak, my tjalie afgeruk. Die wrede harde soldate wat selfs in die skadu van 'n kruis sou kon dobbel.

* * *

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/5 OKTOBER 1987

Toe het ek, Shelomo kan jy dit glo, toe het ek die trotse vroue van Jerusalem, dié wat my gesmaad het, om hulp gesmeek. (8) Ek was desperaat. Ek sou enigiets doen om dít wat ek die liefste het op aarde terug te vind. Want ek was siek van liefde en van my verlies.

Waarom weet 'n mens eers wat jy gehad het as jy dit nie meer het nie?

*Die wagte was weer daar. Die harde wrede soldate wat selfs in die skadu van 'n kruis sou kon dobbel.*

Die antwoord van die vroue is die dieptepunt van Abisag se hartseer angsdroom. In plaas van hulp – hoe sou sy dié ook kon verwag – ontvang sy sarkasme. "Mooiste van al die vroue" – hoe soek jy hom by ons? (9) Kon jy hom nie met jou skoonheid, met jou lyfie vashou nie? Vreemd hè? Mens sou nou dink hy is soos alle mans – wat jou skoonheid nie kan weerstaan nie. En nou kom soek jy hom by ons. Nee, jy moet hom nie by ons soek nie. Ons is lelik. Hy sal nie na ons toe loop nie.

Het die liefde dieselfde struktuur, tot op die kruis, die haat het dit ook.

* * *

Dit was maar net 'n droom, en tog het die meeste drome, hoe verdraaid ook al, te maak met die werklikheid. Soos 'n spieël in 'n pretpark. Jy lyk gedrogtelik daarin, maar dit bly jý.

*Het die liefde dieselfde struktuur, tot op die kruis, die haat het dit ook.*

Dit wás maar net 'n droom. Toe die hartseer ondraaglik word, het sy wakker geword, en Salomo was langs haar. Dalk het hy haar wakker gemaak en gevra waarom sy huil, en haar styf vasgehou, en oor en oor bly sê sy moenie bang wees nie, dit was net 'n droom. Dat hy haar nooit vir iemand anders sal verlaat nie.

Hoe eensaam moet iemand wees wat wakker word, en daar is niemand nie. Soos die Sulammitiese meisie toe Salomo later sy hart deur sy baie vroue selfs tot die afgode laat verlei het.

Van bl. 31

**SELONS OU KENSE**



Dis toe dat iemand in die middel van die brawl 'n boks met bobbejaanspinnekoppe ooptrek en 'n middelpuntvliedende vertrapping (stampede) laat ontstaan.

Intussen spat die genoemde bloed en kwyl en diverse ekskreta vrywel kwistiglik in alle direksies. Vrouens ween en weeklaag. Grysaards huil skaamteloos en 'n opgesweepte oudstryder skreeu aanhoudend: "Vuur burghers! Vuur! De Filistijnen zijn op ons!"

Uiteindelik verlaat Oom Abraham die stadsaal op 'n draagbaar: bebloed, verwond, geïmmoleer (ópgeoffer) soos 'n gevalle heilige wat op sy katafalk in staatsie lê, die hele prosessie gevolg deur sy slippedraers, omgewe deur lede van die veiligheidspolisie, die Ku-kux-klan, 'n afdeling van Pretoria-Noord se ruiterwag, en twee verdwaalde Skotse maatjies Patrick Fitzgerald en Gerald Fitzpatrick.

Terwyl die musiek van die Boere-orkes in die katjiepieringgeparfumeerde lug vibreer as 'n roerende afskeidsgroet aan 'n groot Afrikaner: Selons ou kense ooit vergeet, en hulle vriendelikheid.

## Goeie Werke



Omdat ons nie nodig het om vir ons saligheid te werk nie, het ons al die tyd in die wêreld beskikbaar om vir ons naaste goeie werke te doen. (Luther)

## Kruis en Munt

'n Fanatikus is iemand wat nòg sy opinie nòg die onderwerp kan verander.

ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/5 OKTOBER 1987

*Die eerste twee afleweringe in 'n reeks oor Galasiërs en die Heilige Gees.*

I

# CHRISTUS VERRUIL

- Gert Duursema

*Skrifgedeelte: Gal. 1:6—9*

*Gal. 1:7,9: "Daar is géén ander evangelie nie. As iemand aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat julle ontvang het — laat hom 'n vervloeking wees."*

Sou dit waar kon wees? Sou 'n lewe van toewyding, hoë morele standaarde, gehoorsaamheid, tussen jou en God kan kom staan? God erg Hom tog nie vir mense wat mooi lewe nie, of hoe? Waarom sou Paulus dit dan doen? En wie is Paulus so danig dat hy dit in sulke skerp taal doen?

Die mense wat deur Paulus vervloek word (Gal. 1:6—9), was mooi mense. Christene. Ernstige mense. Toegewyd. Vurig bid hulle: "Laat u wil geskied..." Gehoorsame mense. Bekommerd oor die libertinisme, die losse sedes, in die gemeente. (Gal. 5:16 e.v.) Daarom preek hulle so graag die wet. Mens moet darem gehoorsaam wees. Jou dankbaarheid betoon teenoor jou Verlosser. As daad van gehoorsaamheid moet jy jou gevolglik laat doop, ek bedoel besny.

Is Paulus nie onnodig skerp en venynig teenoor hulle nie? Dankbaarheid is tog die derde deel van die Kategismus, een van die drie dinge wat ons moet ken om getroos te lewe en te sterwe. Vervloek mens iemand wat so opreg die Here wil dien? Moenie dink hulle was nie opreg nie.

Is dit nodig?

Ag nee wat.

Vergelyk mens hierdie brief met die ander wat Paulus geskryf het, is die verskille opvallend. In hierdie brief is daar geen lof vir die gemeente nie; geen seën word vir hulle gevra nie; Paulus bid nie eens vir die gemeente nie. Dis tog die minste wat 'n mens sou kon doen. 'n Gebed kos nie veel nie. Mens kry daarby ook nog die indruk dat Paulus hom haas om by die anathema, die vloek, te kom. Intolleransie. Dis wat dit is. Glo dit maar: Paulus is heeltemal onverdraagsaam. In 'n kommentaar lees ek van "bewilderment" by Paulus.

Kyk hoe anders is dit in Fil. 1:15—18. Daar maak dit nie saak nie, solank Christus net verkondig word.

Daar is inderdaad groot verskil tussen die twee briewe. In die brief aan die Filippense is Paulus op die spel. Ons lees van mense wat die Evangelie verkondig "...omdat hulle jaloers is op my..." Hulle wil Paulus se gevangenskap nog swaarder maak. Hulle is selfsugtig en het onsuiwer bedoelings. Maar die Evangelie wat hulle verkondig is op 'n manier tog die naam Evangelie werd.

In die gemeente Galasië word nie Paulus nie, maar Christus verruil. Christus vir "das Nichtige", die Niks. Die Evangelie word nie vir 'n surrogaat-Evangelie verruil nie — daar is géén ander Evangelie nie — maar vir 'n non-Evangelie. Nie langer kan dit Blye Boodskap heet nie. Al die blydskap het daaruit soek geraak. Ek dink ek sal ook "bewilderd" raak.

* * *

In vers 6 laat Paulus ons so op 'n skrefie inloer in dit wat vir hom die hartaar van die Evangelie is. Daar is sprake van God wat roep. Dit is 'n term wat Paulus heel dikwels gebruik. 'n Veelseggende term. Wanneer God roep, gebeur dit wat Hy sê. So byvoorbeeld roep Hy die hele skepping in aansyn en uit niks tree dit na vore. Hy roep lewe uit die dood. Hy roep sondaars tot bekering met 'n almagtige woord. En die wonder is: dit gebeur. Dit gebeur regtig.

Die woord waarmee Hy roep, is die genade van Christus. Hy roep nie met magiese toorformules nie; Hy roep met liefde. Hy vertel ons van sy liefde vir ons; dat in Christus al die beloftes van die Evan-

gelie vir jou en my waar is; dit is vir jóú en vir mý. Hy roep die goddelose: Kom na My toe. Sagte woorde. Met die bloed van sy liefde toegedraai.

Dít is op die spel in die gemeente Galasië. Kan 'n mens hierdie boodskap, hierdie Evangelie verruil vir 'n non-evangelie? Nee! Jy waak daaroor met heilige intolleransie. Niks, maar werklik niks, durf hierdie boodskap verdraai of verduister nie. Veral nie "iets" wat hom as 'n engel van die lig voordoen maar in werklikheid 'n duiwel is nie.

> *Die mense wat deur Paulus vervloek word, is mooi mense; ernstige mense – wat vurig bid: "Laat u wil geskied..." Daarom preek hulle so graag die Wet.*

Gerhard Ebeling skryf dat onverskilligheid teenoor die wet en akkommodasie van die heidendom vir Paulus 'n minder ernstige dwaling sou gewees het. Verwarring hieroor, oor die hart-aar van die Evangelie, is onvergelykbaar gevaarliker, sê hy.

* * *

Tog vreemd dat hierdie evangelie op soveel weerstand stuit in die wêreld. Begryp mense dan nie wat die Blye Boodskap wil vertel nie? Van Jesus sondaarsliefde, die liefde sonder peil? Is dit moeilik om te begryp?

* * *

Dikwels het mense hulle bloedig vir Jesus vererg wanneer Hy goddelose sommer so vrygespreek het. Daar was die keer toe Hy 'n verlamde wat deur die dak na Hom toe laat sak is, sommer so ongevraagd vergewe het. "Wie's Hy miskien", het die mense gevra. Dink hy miskien hy's God of iets? Hulle kners teen Hom op hulle tande.

Of dan weer die keer in die huis van Simon die Fariseër. Toe 'n berugte straatvrou die dinee ontwrig het. Sy het ongenooid daar opgedaag, toe so vreeslik gehuil dat haar trane oor Jesus se voete geloop het. Verward het sy dit met haar hare droog gemaak, gesoen en gesalf. Dit het die vroom Fariseërs gegrief."Hy weet mos dis 'n hoer wat so aan Hom klou? Maar miskien hou hy daarvan", dink hulle met hulle vuil gedagtes. Jesus het geweet wat daar in hulle gedagtes omgegaan het. Nogtans, of miskien juis daarom, gaan Hy verder met die vrou. In sy sondaarsliefde reik Hy na haar uit. Met deernis in sy oë vergewe Hy al haar sondes.

Dit maak Fariseërs woedend.

* * *

Soms laat liefde 'n mens vermurwe. Dit is asof jy swak word voor die genade-aanslag. Dit bring, soos vir Pascal, "...vreugde, vreugde vreugde, trane van vreugde." En weer: "...sekerheid. Gevoel. Vreugde. Vrede... Deum meum et Deum vestum."

> *In die gemeente Galasië word nie Paulus nie, maar Christus verruil. Christus vir niks.*

Dan weer, as dit nie die reaksie is nie, laat die liefde jou gril. Dit wek die indruk van iets taai en klewerig en onsmaaklik. Nie vreugde nie, maar wrewel en ongemak is die gevoel wat jy ervaar. Soos die Fariseërs.

* * *

Die waarheid van die evangelie waarvoor Paulus hier stry, is die waarheid van 'n genadige God. Die God waarna Luther so vurig gesoek het. Paulus veg vir die waarheid dat God sondaars vergewe sommer net omdat Hy hulle liefhet. Om geen ander rede nie. Sommer net omdat Hy ons liefhet. En Liefhet. En Liefhet.

II

# NATUURLIKE TEOLOGIE

**Skrifgedeelte: Gal. 1:11–2:14**

*Gal. 1:11: "Die evangelie wat ek verkondig, is nie deur 'n mens uitgedink nie."*

In een stadium het Paulus alleen gestaan in die verdediging van wat hy verstaan as die Evangelie. Petrus, die leier, die rots, het hy aangespreek. Selfs Barnabas, Paulus se vertroueling, moes deurloop. Waar kom die boodskap wat Paulus verkondig vandaan? Ons wil weet hoe dit gebeur het dat hy die diepe insigte verkry het. As ons nie weet waar hy dit vandaan kry nie, sal sy boodskap miskien nie soveel gesag dra nie. Was Petrus of van die ander apostels dalk sy leermeesters? Gal. 1 en 2 sê met nadruk dat dit nie so was nie. In wie se skool was hy dan?

In Gal. 1:11,12 verkondig Paulus dat die Evangelie glad nie 'n menslike oorsprong het nie. Vier keer sê hy dit: die Evangelie is nie deur 'n mens uitgedink, nie van 'n mens ontvang, nie by 'n mens geleer nie, maar Jesus Christus het dit self aan hom gee. Om jouself as die draer van 'n boodskap voor te doen wat sonder enige bemiddeling na jou toe gekom

het, is 'n mondvol. Belangriker is egter die vraag wat Paulus daarmee wil oordra.

* * *

Die natuurlike mens neem die dinge van God nie aan nie, skryf Paulus in 1 Kor. 2:14. Vir die natuurlike mens, dit is die mens wat nie die Gees van God het nie, is die Evangelie dwaasheid. Dit is vir hom sonder enige sin. "Hoe kan 'n man wat Hom deur 'n klompie Romeine laat kruisig het, die Verlosser van die wêreld wees? Hy was dan nie eens in staat om 'n klein klompie soldate te troef nie. Hy wat so swak is, die Verlosser van die wêreld? Jy speel seker." So redeneer die Grieke. Die natuurlike mens begryp nie God se styl nie.

> ***Hoe kan 'n man wat hom deur 'n klompie Romeinse soldate laat kruisig het, die Verlosser van die wêreld wees?***

Die natuurlike mens verstaan nie dat dit nie deur krag of geweld sal wees dat God die wêreld sal oorwin nie, maar met sy sagmoedige Gees. God se styl is dat Hy Homself openbaar terwyl Hy onder sy teendeel verborge is. Sub contraria speci — so het Augustinus dit genoem. Dit beteken bv. dat die Almagtige Hom openbaar in sy oorweldigende Almag terwyl Hy weerloos aan die kruis hang. Daar verbrysel die Weerlose die kop van die Slang. Sonder krag of geweld verbrysel Hy die Bose.

Sien: sy liefde is so almagtig dat Hy Homself weerloos teenoor die Satan kan laat en hom nogtans finaal kan oorwin.

Sonder die Gees van God om ons te verlig, is dit alles loutere snert. Waar het jy gesien jy wen deur die ander wang te draai? Dit is tog nie wen nie. Dit is verloor! Dit is tog onsin om te beweer dat armes of treurendes of vervolgdes geseënd is? Christen-wees is tog nie 'n verkapte vorm van masochisme nie. Kan sagmoediges regtig die aarde beërwe? Dit lyk of dit eerder die geweldenaars sal wees.

Dit is God se styl. Geen mens sal iets so dwaas uitdink en glo dat die mense dit vir Evangelie sal opeet nie.

* * *

Dit is nie al nie. Die Here se styl is in der waarheid heel eenvoudig. Hy hou eenvoudig nie op om lief te hê nie. Hy het net eenvoudig lief. Dit is hierdie liefde wat almagtig is. Dit is sy liefde wat onoorwinlik is. Dit is sy liefde wat na weerloosheid lyk. Aan die kruis was die versoeking daar om leërs engele te roep om die haatlike mense te verdelg. Maar Jesus hou aan om die spottende, hatende, goddelose, barbaars-vloekende skare lief te hê. Hoor: Hy bid vir hulle. Regtig vir hulle! "Vader vergewe hulle, hulle weet nie wat hulle doen nie." Vader wees die arme gepeupel genadig: wees lief vir hulle, Vader. So bid my Verlosser aan die kruis.

Kan dit in 'n mens se gedagte opkom dat iemand so grensloos lief kan hê? 'n Mens dink nie so iets uit nie. Die natuurlike mens sal 'n streng god, 'n god van wraak en strafgerig fabriseer maar nie 'n genadige God nie. 'n Mens kan nie 'n genadige God hanteer nie. Hy pas nie in jou skemas in nie.

Dit sien mens in alle nie-christelike godsdienste. Hulle stel hoë eise. Hulle lewens getuig van hoë morele standaarde. Onoortreflik in hul moralisme. Hulle etiek oortref die van Paulus by verre. Wat dit betref laat hulle Paulus na 'n amateur lyk. Veral die Stoïsyne en die Fariseërs was meesters in die kuns. Maar dit is mensgemaakte, eiewillige godsdiens. Valse godsdiens.

> ***God se styl is dat Hy Homself openbaar terwyl Hy onder die teendeel verborge is. Die Almagtige openbaar Hom magteloos aan 'n kruis.***

Die waarheid is dat hulle geen Evangelie het nie. Geen Blye Boodskap van God se peillose sondaarsliefde nie. Natuurlike teologie kan ons nie by Jesus bring nie. Daarom dat Barth leer dat 'n mens die Een Enige God net in Jesus leer ken. Want net in Jesus tree God se genade en grenslose liefde so aan die lig. Die verskil tussen natuurlike teologie en die Evangelie is blydskap, het iemand eenkeer gesê. Want net die Evangelie vertel dat God goddeloses lief het.

> ***Wat morele standaarde betref, laat sommige heidense moraliste Paulus na 'n amateur lyk. Hulle etiek oortref dié van Paulus by verre.***

Dit maak my ook bly want dan is daar vir my ook kans.

* * *

Paulus se bekering is 'n sprekende getuienis hiervan. Hy het geen begeerte gehad om tot bekering te kom nie. Hy wou moor. Hy wou Christene met geweld na Jerusalem neem. Hy het Jesus gehaat. En

hy het die Christene gehaat. "Hulle is almal soos die nare Stefanus (gelukkig is hy nou nie meer met ons nie, dink Saulus) wat nie ophou om dinge teen die Tempel en teen die Wet van Moses te sê nie." Hierdie anti-nomianiste, hierdie wetsveragters, wou hy uitroei. Hy haat hulle blydskap. Hulle moet gehoorsaamheid leer.

*Paulus het geen begeerte gehad om tot bekering te kom nie. Hy wou moor. Hy het Jesus gehaat. Hy wou die wetsveragters uitroei.*

Dit was nie die wil van 'n man wat Paulus uit Saulus te voorskyn laat tree het nie. Dit was onweerstaanbare genade. Dit is God wat hom onophoudelik lief gehad het. Dit is onbegryplik, nie waar nie? Dit is Evangelie!

Hier het Paulus geleer dat ook hy nie gered kan word anders as deur genade alleen nie. Net Jesus kan red. Daar het hy gesien dat al sy voortreflikhede, sy herkoms, sy affiliasies, sy ywer, sy hoë morele standaarde, dit alles was drek, waardeloos, verwerplik (Fil. 3). Hier het Paulus geleer dat 'n mens geen vóórwaarde kan stel vir redding nie. Die geringste voorwaarde sou hom diskwalifiseer. Hy kon self aan geen voorwaarde voldoen nie. Hy wou nie eens gered word nie. Van Jesus wou hy nie weet nie. Tog het God sy liefde aan hom betoon toe hy nog 'n sondaar was.

Met hierdie Evangelie het al die apostels saamgestem. Selfs Jakobus het saamgestem. (Gal. 2:6,9) En dit was volledig, daar hoef niks by te kom nie. (Gal. 2:6)

As ons so 'n groot skare getuies het, kan u die Evangelie gerus glo. Dat God u onvoorwaardelik en grensloos lief het, word deur al die apostels betuig.

# 'N DIAGNOSE VAN ONS HUIDIGE SITUASIE IN DIE KATEGESE

Die kategese van die Reformasie het nie die onderskeid geken tussen wedergebore en onwedergebore katkisante nie. Die kinders van die gemeente was verbondskinders wat bely dat hulle 'n lewende lid van die gemeente is wat Christus vir Hom tot die ewige lewe uitverkies het, en dat hulle dit ewiglik sal bly. Die spanningsvolle verbondenheid van die gemeente met die uitverkiesing, het die kategese daarvan bewaar om aan seleksie te dink. God lê beslag op die héle gemeente.

Voorts is die kategese in die Reformasie gesien as 'n heilsmiddel, as bediening van die heil, maar van "verbondsoutomatisme" was daar nie sprake nie omdat die Reformatoriese kategese te diep deurdronge was van die bedorwenheid van elke mensehart.

In die kategese van die Reformasie is daar nié 'n onderskeid gemaak tussen intellektuele kennis teenoor geloof van die hart nie. 'n Kind wat blyke gegee het van kennis van die heil, het blyke gegee van sy geloof. In die verlengde van voorgaande lê die pneumatologiese kenmerk van die Reformatoriese kategese. Die Heilige Gees vernuwe deur die lewewekkende Woord van God die lewe van die katkisant. Hierdie pneumatologiese faktor het aan die kategese 'n geweldige spankrag verleen wat tot uiting gekom het in 'n "finale spreekwyse" — finaal, nie kondisioneel nie.

Kom ons egter by die Nadere Reformasie, soos die Hollandse Piëtisme genoem is, tref ons allerlei verskynsels aan wat ontstellend ooreenstem met ons huidige problematiek en praktyk.

'n Skeiding word gemaak tussen intellektualistiese en opregte geloofskennis — 'n disintegrasie met verreikende gevolge bv. vir die doelstellings van die kategese. Kategetiese doelstellings bestaan nou de facto uit twee reekse. Die eerste bevat die verstandelike kennis van die leer en die lewe; die tweede het betrekking op die ***belewing*** van die leer en die beoefening van die praktyk van godsaligheid.

Hiermee korrespondeer die uiteenval van die praktiese Christelike lewe in 'n ***uitwendige*** Christelike lewe en 'n ***innerlike*** vernuwing van die hart. Op sy beurt het hierdie tweedeling ***wettiese*** trekke tot gevolg wat sy neerslag onontkombaar vind in die leerstof, en dít het gelei tot 'n kwalitatiewe waardevermindering van die hele kategetiese gebeure.

Ander gevolge van hierdie terugkeer na die Roomse mistiek was:

* Die vraag-en-antwoord metode se teologiese struktuur is afgetakel. Die kind maak nou nie meer Gods belofte sy eie deur middel van vrae waarop hý antwoord nie, maar leer verstandskennis wat by sy ouderdom pas met allerlei vindingryke didaktiese metodes. Die gevolg is 'n groeiende behoefte aan vroomheidsbeoefening (exercitia pietatis) wat die disintegrasieproses versnel.

* Die spanningsvolle eenheid tussen die sigbare gemeente en die uitverkorenes, het plek gemaak vir die skeiding tussen die sigbare en die onsigbare kerk, tussen 'n uitwendige en 'n inwendige verbond. Dit bring mee dat daar nou twéé soorte katkisante is: wedergeborenes en onwedergeborenes.

* Gevolg hiervan is dat die hele kategese só gestruktureer word dat dit daarop bereken is om die ongereddes te red. Daarmee het die pneumatologiese spankrag van die Reformatoriese kategese in geheel verval.

> ***Die Nadere Reformasie het dit so goed bedoel. Die mense wou, net soos vandag, die kerk red.***

* Die disintegrasie van die kategese het tot gevolg dat die Skrif ook sy appèl verloor. Die Skrif word nou al meer 'n kenbron van intellektuele kennis wat met teksbewyse (dicta probantia) gestaaf word. Die introduksiegedagte maak plek vir die informasiegedagte. Die praktyk van die godsaligheid moet dan noodwendig hiervan onderskei word.

Die Nadere Reformasie het dit nie kwaad bedoel nie. Die klem op die persoonlike vroomheid was bedoel om die kerk te red. Die mense was uiters besorgd oor die kerk. Dat kerk én kategese in hierdie proses kwalitatief jammerlik verskraal het, is dus nie veroorsaak deur 'n gebrek aan toewyding nie, maar deur 'n teologiese verskuiwing weg van die Reformatoriese belydenis af, wat in die praktyk van die kerklike lewe vergestalting gevind het.

* * *

Hierdie diagnose en prognose waarmee ek my vereenselwig en wat baie van my opvattings van die verlede bevestig, is nie oorspronklik nie. Ek het dit gevind in die grondige studie en oorvloedig gedokumenteerde proefskrif van Willem Verboom wat in 1986 te Utrecht gepromoveer het oor die onderwerp "De Catechese van de Reformatie en de Nadere Reformatie".

Luk. 2:39–52

# DIE KNAP KATKISANT

***Luk. 2:47: "Almal wat Hom gehoor het, was verbaas oor sy insig en antwoorde."***

Dit is opvallend dat daar in die Bybel byna niks oor Jesus se jeugjare gesê word nie. Oor sy geboorte word daar baie gesê, maar nie oor sy groot word nie. Dit het daartoe aanleiding gegee dat apokriewe geskrifte allerlei fantastiese stories versprei het oor die jong Jesus. Hoe hy voëltjies van klei gemaak het en toe 'n kwajong dit wil stukkend trap, toe klap Hy op sy hande, en toe vlieg die voëltjies weg.

Maar die kanonieke boeke vertel dit nie. Die Bybel is die Woord van God wat nie in fabels belangstel nie, maar in die Bedienaar van die Woord — wat self dié Woord is. Daarom oorbrug die evangelies Jesus se jeugjare met enkele sinne, en Lukas met hierdie mooi tafereel uit sy twaalfde jaar — die enigste in die Bybel.

Nadat alles wat die Wet eis met en aan Jesus gedoen is, het hulle teruggekeer Nasaret toe. Lukas sê niks van die vlug na Egipte toe nie. Ons weet nie waarom nie. Lukas is oor die algemeen baie volledig. Wie egter een maal probeer het om 'n storie góéd te vertel, sal weet dat dít wat jy weglaat minstens net so belangrik is soos dit wat jy vermeld. Jy mag nie swig voor die versoeking om op *elke* sypaadjie af te draai nie.

> ***Dis baie moeilik om Jesus as "knapie" voor te stel. Hy wás dit, maar dis moeilik om daaroor te dink, want ons ken die Here nie meer "na die vlees" nie.***

In Nasaret het Jesus dan groot en sterk geword, 'n gesonde knaap — bekend vir wysheid bo die gemiddelde. En die genade van God was op Hom.

Dis baie moeilik om ons Jesus as "knapie" voor te stel. Hy wás dit, maar dis moeilik om daaroor te dink. Soos Paulus sê, ken ons Jesus nie meer na die

vlees nie. Ons het Hom geestelik as Heer leer ken, en daarom kry ons dit moeilik om 'n beeld van Hom te maak, selfs 'n denkbeeld te vorm. Miskien ook dié dat die Bybel so skraps is met inligting daaroor.

Die bietjie wat ons kry, klop egter met die breë trekke van die kruis-evangelie. Jesus, die Wonderkind van God se liefde, is die bestemming van die Wet. Die Wet het van Hom vertel. Die Wét het na Hom gelei en gedryf. Dit was sý Wet. Hy was die Koning wat die Wet gemaak het. Maar sy ouers onderwerp Hom aan die Wet.

*Met sy gelate aanvaarding van die Wet het Jesus die lyding op Homself geneem, die laste begin dra van die mense wat eers aan die sonde en toe aan die Wet verslaaf geraak het.*

Dit is lyding en miskenning. Dit is voorspel op die kruis. Dit is die onweerswolke wat op die horison saampak, want dié Wet waaraan Hy nou onderwerp word, sal binne drie dekades aangewend word om Hom dood te maak. Die Wet sal kroongetuie teen Hom word.

Wat moes hulle dan gedoen het?

Ek weet nie. Ek dink nie hulle kon iets anders doen nie. Maar dan was wat hulle gedoen het, nie dáárom reg nie. Josef en Maria handel as sondige, gebroke mense. Hulle het die Verlosser ook nodig. Hulle bewys dit juis met hulle kortsigtige dienstigheid aan die Wet — ondanks die spesiale voorligting wat hulle van engel en profeet gekry het.

*'n Twaalfjarige kind wat professore in teologie met sy skerpsinnigheid vermaak, loop gevaar om op drie en dertig deur hulle gekruisig te word.*

Ek dink nie hulle moes die Wet oorboord gegooi het nie. Ek dink, as Jesus 'n sê kon gehad het, sou Hy ook gesê het: Nee, besny, reinig My, doen alles, want só pas dit ons om aan die wil van God te voldoen. (Matt 3:13) Maar dáármee het Hy die lyding op Homself geneem, die laste begin dra van die mense wat eers aan die sonde en toe aan die Wet verslaaf geraak het.

* * *

En dan die optog met Paasfees na Jerusalem. Paasfees wat vertel van die verlossing van Israel uit Egipte. En van die lammetjies wat geslag word. En as Josef en Maria na 'n dagreis vasstel Jesus is nie by hulle nie, kry hulle Hom in die tempel. In die huis van sy Vader besig met die dinge van sy Vader.

Dit lyk alles so mooi, maar as jy die einde ken, sien jy die onheil wat dit spel. 'n Twaalfjarige kind wat professore in teologie vermaak met sy skerpsinnigheid, word op 33 deur dieselfde professore gekruisig as Hy hulle heilige huisies en possies bedreig. En as Hy hulle tafels omkeer en hulle kaarte deurmekaar krap. 'n Ou man abdikeer baie baie selde voor 'n jong man wat sy meerdere is; en nog baie minder as dié Jong Man daarop aanspraak maak dat Hy die Seun van God is.

Dáár, tussen die Skrif- en Wetgeleerdes doen Hy dan sy eerste kennis op van die mense wat muggies uitsuig en kamele insluk. Die witgepleisterde grafte. Daar word Hy teologies geskool, maar in dié sin dat Hy weet wat om te verwerp.

Sy ouers se reaksie, net soos in die verlede, bewys hulle onkunde. (En as húlle nie verstaan nie, wie anders sou? — as God dit nie spesiaal openbaar nie.) Hulle verwyt Hom. Hulle sê Hy is onbedagsaam en te groot vir sy skoene.

En dan sê Jesus sy eerste woorde wat in die Bybel opgeteken staan: "Waarom het julle na My gesoek? Het julle nie geweet dat Ek in die huis van my Vader móét wees nie?"

Tot oormaat van helderheid voeg Lukas by dat Josef en Maria dit nie verstaan het nie. O, hoe dikwels sou Jesus nog ly deur verstandelose mense. Mense wat altyddeur leer, maar nie verstaan nie. Het júlle My dan nie vertel van die engele, die skaapwagters, die sterrekykers, die woorde van Simeon en Anna, die kindermoord en die drome nie? Hoe kan julle dan nie verstaan nie?

Maar toe was Jesus aan hulle onderdanig. Die Heer aan die verstandeloses. Want hoewel Hy God was, het Hy sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie. Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n onderdanige kind en 'n slaaf aan te neem. (Filip. 2:6,7) Sonder teëstribbeling. Selfs toe Hy begin praat, sou Hy dienskneg bly.

Ten slotte herhaal Lukas dat Jesus verstandelik en liggaamlik gegroei het, en in guns by God en mens toegeneem het. By God sou die guns bly toeneem; by die mense sou dit omswaai tot op die punt van moord toe. Want God is nie soos mense nie, en mense nie soos God nie.

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/5 OKTOBER 1987*

# WAT IS DIE MENS?

Die hele geskiedenis deur soek die mense na dié ken-merk van die mens. Wat maak die mens *mens*? En, daarby, wat is sy diepste dryfkrag?

In tydperke waarin die mens hoog aangeslaan is, was die antwoorde se toonhoogte ook hoog.

Die mens is genoem *homo sapiens*, die wyse wese. Die diere is dom, maar die mens is wys. Hoe snaaks of slim die dier ook kan wees, hy bly instinkgebonde. Maar nie die mens nie. Hy is vry om te ontwerp wat hy wil.

---

*Freud se siening oor die mens laat 'n mens aan 'n kokkerot dink wat eiers lê as jy hom doodtrap.*

---

En daar is gesê die mens het *verstand*. Hy kan *rasioneel* dink. Later, na die opkoms van die natuurwetenskaplike denke, is na die mens verwys as 'n *animal rationale*, 'n met rede begaafde dier. Hoewel dit minder vleiend geklink het, was die bedoeling steeds om die mens se *menslikheid* onder woorde te bring. Sy meer-as-die-dier wees.

Maar toe daar eenmaal op 'n natuurwetenskaplike manier oor die mens begin dink is — toe die mens self in die proefbuis beland het — het die definisies oor die mens en sy motiewe vermenigvuldig.

Freud het gesê die diepste drang van die mens is die *geslagsdrif*. Dít is per slot van sake waaroor dit gaan. Die dierlike drang om voort te plant. Soos 'n kokkerot wat eiers lê as jy hom doodtrap. Dis 'n halwe waarheid as jy sê *oorlewing* is die mens se sterkste drang. 'n Man sal sy lewe in gevaar stel om sy saad te stort.

Lank voor hom het Nietzsche gesê dit gaan by mense om die strewe om brutaal baas te wees, die "Wille zur Macht". Veelseggend het die mense later van Nietzsche gesê dat hy sy tyd ver vooruit was.

* * *

Freud se verdierliking van die mens was een van die redes dat daar in ons moderne tyd baie laer oor die mens opgegee is. Sartre het wel gesê die mens is *vryheid*, maar die eksistensialiste was eeparig in hulle oordeel dat dit 'n tragiese vryheid is. Sartre het gesê God kan nie bestaan nie, want dan is die mens nie vry nie. Maar van die mens is gesê dat hy 'n mislukte god is. Hy is wel vry, maar hy kan maar één vrye daad op 'n keer verwesenlik.

En daar is in hierdie denkwêreld gesê die mens is mens omdat hy weet van die tragiese lot van alles wat bestaan. Alles is 'n illusie, 'n gejaag na wind, net: die mens weet daarvan. Die mens is 'n nuttelose passie, 'n gat in die werklikheid, 'n reisiger na nêrens, 'n absurde raaisel; per definisie sonder God.

* * *

Die gereformeerde geloofsleer praat (aanvanklik) nog méér pessimisties oor die mens. "Van nature geneigd tot die kwaad; om God en sy naaste te haat."Die mens is onvry. Hy is 'n slaaf van die sonde.

---

*Die gereformeerde geloofsleer praat aanvanklik nog méér pessimisties oor die mens. Sy natuur is om God en die ander mense te haat.*

---

Die Rooms-Katolisisme beskryf die natuurlike mens nie so nie. Die mens mag geestelik redelik blind wees, maar natuurlik is hy begaafd met allerlei vermoëns. Die boete- en opwekkingspredikers dink ook só oor die mens want hulle dink dis moontlik om aan te knoop by die mens se natuurlike vermoëns, soos sy vrye wil. Jy skilder die hel en die hemel so skel moontlik, en as jy hard genoeg skreeu, kies hy die regte een.

Maar ons dink en glo nie so nie.

Die mens kan nie kies nie. As jy wat hy doen, kies wil noem, dan kies hy konsekwent verkeerd. Hy is 'n sondaar, wat letterlik beteken 'n God-en-menshater.

Is hy dan nie na die beeld van God geskape nie? Is dít nie die hoogste wat ooit oor die mens opgegee is nie? Ja, maar dis juis van hierdie hoogte af wat hy geval het. "As hy in eer was, het hy dit nie verstaan nie" (Ned. Geloofsbelydenis, art. 14). So het die diepste dryfkrag, die natuur, die geaardheid van die mens geword om God en sy naaste, wit en swart, te haat. En sy sonde net meer en erger te maak.

*Die woorde van God is die enigste middel op aarde wat 'n mens wat dood is in die sonde kan lewend praat.*

Gaan vertel dít vir die mense. Die evangelie is die enigste middel op aarde wat 'n mens wat dood is in die sonde en misdade lewend kan praat.

As jy oor die mens wil praat, sê Noordmans êrens, moenie met sy vrye vermoëns soos verstand en wil begin nie. Begin deur te sê dat hy 'n *sondaar* is. Want dan staan hy meteens reg voor God — wie se oordeel hom as *sondaar* tipeer. Maar daarmee staan hy dan ook onmiddellik voor Christus wat sy sonde oorgeneem, sy straf gedra en sý geregtigheid aan die mens geskenk het; hom so in genade-eer voor God herstel het, sodat God nou ánders oor hom oordeel.

# WATERSKEIDINGS IN BYBELUITLEG

Iemand sê een van die aflewerings in die reeks oor die bergrede in Swart op Wit was meer filosofies as eksegeties. Hy sê die studiegedeelte, die perikoop, het nie die inhoud bepaal nie, maar faktore en oorwegings van buite.

Ek wil nie kleinserig wees nie. Reguit kritiek is veel meer hanteerbaar as gesiglose lafhartige agterbaksheid, wat 'n mens byvoorbeeld publikasieruimte ontneem.

Daar is egter enkele feite wat ek dink die leser in ag moet neem. Beide die reeks oor die Bergrede en dié oor die geboorte en jeugjare van Jesus, én in die huidige uitgawe dié oor die gelykenisse, is deel van wat hopelik eendag 'n boek kan word. Dis 'n kommentaar op die vier evangelies tegelyk, aan die hand van 'n sinchronisasie van pastoor P.J. Coetsee se *In die voetspore van Jesus*.

Die voordeel van hierdie projek is dat nie één teks van die evangelies oorgeslaan kan word nie, en dat dit bietjie meer *verbalend* word, totdat die kruis op Golgota staan. Ek noem dit 'n kommentaar al sê die akademiese adviseur van 'n uitgewer dis 'n "homilie". Ek lewer kommentaar op wat die evangeliste skryf. Daarom kan ek meer as eens sê ek weet nie wat hulle woorde beteken nie. Die wetenskap is nie die enigste een in wie se broek dit sit om kommentaar te lewer nie.

* * *

Ons is geleer dat 'n mens in eksegese, in Bybelontleding en -uitleg, nie iets in die teks moet indra wat nie daar staan nie. Die teks en die gedeelte rondom die teks, moet volledig self sê wat hy wil sê. Die teks is die "kop" en rondom (peri) die kop staan die nadere verband, en so kry jy die "perikoop" waaroor jy moet preek. Maar jy mag nie buikspraak pleeg nie. Jy mag net tolk. Jy moet net sê wat die teks sê; jy mag hom nie voor-sê nie.

Nie eens in die gewone letterkunde is dit 'n houdbare standpunt nie. Daar was 'n tyd toe die "bedoeling van die skrywer" die alfa en die omega van interpretasie (hermeneutiek) was, maar dié tyd is verby. Want géén skrywer is werklik in beheer van alles wat hy sê nie. Hoe groter die skrywer, hoe minder die beheer.

*Ek kry 'n klein klein byteltjie*
*ek tik hom en hy klink*
*toe slyp ek en ek slyp hom*
*totdat hy klink en blink*
*Ek sit 'n klippie op 'n rots...*
*'n beitel moet klip kan breek...*
*ek slaat hom met my beiteltjie...*
*toe onder my tien vingers bars*
*die grys rots middeldeur...*
*Dan, met twee goue afgronde*
*val die planeet aan twee...*

(NP van Wyk Louw)

* * *

Daarom dra ek die groot momente van die heilsopenbaring, en die Bybelse bakens, die teks in. Want in die Bybel is daar waterskeidings wat die prediker net met groot skade kan ignoreer. Groter en kleiner waterskeidings.

Hoe kan jy ooit die skepping-en-val ignoreer? Dit staan nie in elke perikoop nie, maar dit is die (on)-magtige agtergrond van elke woord in die Bybel.

> *Die wetenskap is nie die enigste een in wie se broek dit sit om kommentaar te lewer nie.*

En dan al die liefdesinisiatiewe van God in Ou en Nuwe Testament, waaronder meer as een verbondsluiting, vandat Hy agter die bewende vlugtende mensies in die paradys aan loop en hulle troos met die belofte van sy Seun (wat nié in die perikoop staan nie, eers later duidelik word) totdat Hy die nuwe verbond belowe wat sy Seun met sy bloed verseël.

Daarom is die kruis die grootste waterskeiding in die Bybel, die nok van die tent van die Bybel. Daarom is die beoogde boek(e) oor die vier evangelies (wat reeds sowat 170 A4's enkelspasie beslaan) se naam *In die lig van die kruis*. Dáárom laat ek die lig en die skadu van die kruis oor elke perikoop val.

* * *

Enkele ander kleiner waterskeidings, bakens of keerpunte is:

* Die Ou Testament wat van ouderdom wil doodgaan in Prediker en God wat die tempel wil sluit in Maleagi.
* Jesus se gewildheid by die aanvang van sy bediening (gerugsteun deur al die Goddelike getuienisse oor wie Hy is en sal wees), wat die verwerping van Jesus kontrasteer.
* Die groeiende verset van die Joodse leiers — wat Jerusalem sal lei om sy grootste profeet ook dood te maak.
* Matt. 26:56: "Toe het al sy dissipels Hom in die steek gelaat en gevlug."
* Niemand wat vir Hom getuig nie.
* Dit is volbring
* Die oop graf
* Die Trooster

> *Die "kommentare" op die vier Evangelies word in Swart op Wit gepubliseer tot 'n uitgewer dalk eendag daarvoor kans sien.*

*Stefanus se toespraak wat die geskiedenis van Israel tipeer en die breuk slaan met Wet en Tempel.
* Paulus se brief aan die Romeine wat nie loop van Abraham af nie, maar van Adam af — gerig aan die hoofstad van die wêreld; wat die hele Bybel uitlê en wat ondubbelsinnig meedeel hoe God die wêreld begenadig.
* Die weerkoms van ons Heer.

Nog eens: Dit staan nie in die perikoop nie, jy moet dit daar indra. Want die Bybel is God se preek wat ons stukkie vir stukkie in ons prediking hoor. Die hele Bybel.

---

**Van bl. 23 DIE SAAIER**

En dan was daar die vrou in Betanië wat die nardusfles vol duur olie oor Jesus uitgegooi het, wat Judas se donker stilte verontwaardig gebreek het oòr die vermorsing, en wat gemaak het dat verskeie mense teen die vrou uitgevaar het. (Matt. 26:6—13) Wat 'n vermorsing! Maar Jesus blus hulle onverstand uit, want sy het Hom tot Koning gesalf, en Hy skryf haar naam (wat Johannes sê Maria was) in die geskiedenisboeke neer tot vandag toe. Nie die helfte van die bottel nie, alles, álles. Driehonderd silwermuntstukke. Driehonderd werkdae se werkgeld vir 'n arbeider.

En uiteindelik was daar die moordenaar aan die kruis — as hy aan Jesus sê: "Here, dink aan my as U in u koninkryk kom." Het 'n woord ooit op sulke goeie aarde geval dat uit só 'n mond, in sulke haglike omstandighede, só 'n woord, so 'n gebed ontkiem het? 'n Gebed wat maak dat Jesus uit die dood opstaan vóór Hy gesterf het met die woorde: "Amen! Jy sal vandág saam met My in die paradys wees."

> *Niemand neem in die koninkryk van God aanstoot as daar van geldoffers gepraat word nie. Dié wat aanstoot neem, staan buite.*

"Is dit nie die goeie aarde, die koninkryk van die hemele, as 'n rower op die drumpel daarvan ontpop as 'n engel van God nie?"

(Noordmans, VW 8, 115)

*Matt. 26:68: "En ander het Hom met stokke geslaan en gesê: 'Profeteer vir ons Christus: Wie het jou geslaan?' "*

# WIE DIE CHRISTUS GESLAAN HET

Wie sou dit tog gewees het wat vir Jesus Christus van Nasaret geslaan het? Hulle het Hom geblinddoek, blindemol met Hom gespeel, en Hom geslaan, en gesê Hy moet profeteer wie Hom geslaan het.

Wie sou dit gewees het? Malgus en sy maats? Die tempelpolisie? Hier en daar 'n priester, 'n skrifgeleerde wat sy waardigheid verloor.

Daar staan nie dat Jesus toe gesê het wie Hom slaan nie. Maar net 37 versies tevore hét Hy gesê. Hy het uit die profeet Sagaria aangehaal en gesê dit is Gód wat Hom slaan. God het gesê, voorspel: "*Ek* sal die herder slaan, en die skape van die kudde sal verstrooi word."

Die skape het hierdie profesie weerspreek. Die voorste Ram het gesê: "Al sal almal ook aanstoot aan U neem, ek sal nóóit aanstoot neem nie... Al moes ek ook saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie." Só het al die ander dissipels ook gesê. (26:33,35) Maar net 21 versies verder teken Matteus aan: "Toe het al sy dissipels Hom verlaat en gevlug." Toe die kontingent van die tempel die hande aan Hom slaan.

*Wie het Jesus geslaan? Was dit nou God, of was dit nou die mense? Wie het Hom in die steek gelaat? Wie het Hom gekruisig?*

En terwyl hulle Hom in die paleis van 'n huis van die hoëpriester slaan, het Petrus buite staan en vloek en sweer dat Hy Jesus nie ken nie.

* * *

Maar wie hêt Jesus geslaan? Wás dit nou God, of was dit nou die mense? 'n Ander variasie op die vraag sou kon wees: Wie het Jesus in die steek gelaat? Was dit nou God, of was dit die mense? Het Hy nie enkele ure later uitgeskreeu nie: "Eli, Eli, lema sabagtani?!" nie? My God, my God, waarom het U My in die steek gelaat? Waarom het *U* My geslaan?

Jy sien, dis nie 'n maklike vraag nie.

Was dit nou God, of was dit nou die mense met die moord in hulle harte? Voorwaar, die geheim van die godsaligheid is groot.

* * *

Vernon White het 'n baie mooi boek geskryf oor hierdie raaisel — *The fall of a sparrow*. Hy het in moderne taal gesê wat Calvyn eeue gelede en die Bybel nog meer eeue gelede ook gesê het: Hulle het gesê: *Alles* is God se wil. As Josef se broers hom in die put gooi en verkoop; As die wind waai, en as dit nie reën nie; as die vragmotor jou man of jou kind doodry; as jou liefde nutteloos op die aarde val; as die angs om jou hart slaan.

As die agterryers van die hoëpriester die Seun van God in die gesig slaan en spuug en die gek met Hom skeer.

Wie het Hom geslaan? Wie het Hom gekruisig?

Dit was God én die mense. Die mense én God. Hy was van God en mens verlaat.

Eeue lank al word ons gehekel omdat ons dit glo en bely, en vandag weer is daar wyse mense met pieringvlak teologie wat sê alles wat goed is, kom van God af en alles wat sleg is, van die duiwel. Hulle weerspreek die Bybel wat sê dat nie 'n mossie op die aarde val buite God se wil om nie; nie 'n haar van jou hoof nie; nie 'n arm of jou been of jou bloed nie.

* * *

Hoe is dít prakties moontlik?

Hoe kan die gespuis Jesus met stokke slaan, en Jesus self sê dit is God? Hoe kan Simeï Dawid vloek en Dawid dan sê dit is God wat vir Simeï sê vloek vir Dawid?

Omdat God ons liefhet.

U moet dit nooit, nooit vergeet nie. Dit is omdat God ons liefhet.

Vir die wêreld is dit dwaasheid, opperste snert, maar vir ons wat glo en gered word, is dit die wysheid van God.

Kyk, God hou álles in sy hande. Al die troewe. Watter kaart die duiwel ook speel, God speel altyd 'n hoër troef. Die duiwel kan hom nie beweeg as God die teuels waarmee God hom bedwing nie skietgee nie.

> *Vandag is daar wéér wyse mense met pieringvlak teologie wat sê net die goeie kom van God af.*

As Eva eet en Adam ook, dan byt die slang in die stof.

As Kaïn vir Abel doodslaan, dan preek en getuig die bloed van Abel nog in Hebr. 11:4 en 12:24.

As die mense met God se reddingsbeloftes in hulle ore met die hemelwesens paar — om tog maar soos God te wees — dan verdelg God dié reuse oor die smart in sy hart, maar op die waters wat die aarde oordek, dryf die Ark van die Verbond, van die Vrederaad van God.

As die duiwel Job verdag maak by God, dan stuur God die duiwel na Job toe (soos met die doring in die vlees na Paulus) om hom van alles te roof en van kop tot tone met bose swere te slaan, maar aan die einde is Job gelukkiger as ooit te vore.

As die hoëpriester sy klere skeur, dan skeur God die voorhangsel van die tempel se Allerheiligste en daarmee sy hart van liefde oop.

God oortroef áltyd die Bose. Want Hy het vóór die grondlegging van die wêreld die kaarte gedeel. Ons leef in sý bedeling.

> *God oortroef áltyd die Bose. Want Hy het voor die grondlegging van die wêreld die kaarte gedeel. Ons leef in sý bedeling.*

As die reserviste, die eskort van Judas Iskariot, Jesus blinddoek, en Hom met stokke slaan, en sê: Profeteer vir ons, Christus, wie jou geslaan het, dan blyk dit agterna dat Hy tevore al geprofeteer het dat die Here die Herder sal slaan en die skape sal verstrooi — om hulle te behou; om hulle te red.

* * *

Hoe kan God ons, die skape, red, as Hy ons verstrooi?

Omdat Jesus alleen moes wees om ons te red. Omdat Jesus alléén geslaan, doodgeslaan moes word. As Petrus by was, sou hy in die pad gewees het. Sou hy weer hutte wou bou soos op die berg van verheerliking; sou hy nog ore afgekap het; sou hy weer moes hoor: wyk agter My Satan, jy is vir My 'n struikelblok.

Jesus móés alleen wees omdat God ons liefhet. Hy moes alléén, vir álles betaal — sodat ons, ook ons van vandag, getroos kan lewe en sterwe. Dat ons, as ons God in die steek laat, kan weet dit maak oplaas nie saak nie, want Jesus het klaar betaal.

> *As u glo dat God u met Jesus gered het, waarom bly u dan wanhopig of verwaand lewe asof u dit nie glo nie?*

God het die Herder geslaan. God het Hom van kop tot tone sonde gemaak vir ons sê Paulus. Hy moes die skape geslaan het, toe slaan Hy die Herder in hulle plek.

Want die skape kon nie betaal nie, toe betaal die Herder. Die skape kon wel gestraf en geslaan word, maar die Opperherder kon dit nie oor sy hart kry om die skape te slaan nie. Toe slaan Hy Jesus in die gesig en neer in ons plek. Die dissippels kon gekruisig word, toe kruisig Hy Jesus in hulle plek. Die dissipels en ons kon hel toe gaan, toe verlaat God Jesus aan die kruis sodat dit donker-nag-hel word en sodat Jesus in daardie ure hel het — in ons plek.

* * *

Wie het Jesus Christus geblinddoek, geslaan? Dit was die aaklige mense, dit was ek en jy. Wie het Hom gekruisig? Dit was die sonde van die mense, my en jou sonde.

Maar toe het God die hoogste troef van die geskiedenis op die tafel neergesit: Toe het Hy dié dade by ons oorgeneem en ons met die smaad en die smart en die dood — en die opstanding van Jesus gered.

Glo u dit?

Waarom leef u dan asof u dit nie glo nie?

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/5 OKTOBER 1987*

## DIE GELYKENISSE

Matt. 13:1-23; Mark. 4:1-20; Luk. 8:4-15

# DIE SAAIER

*Matt. 13:23: "By wie op die goeie grond gesaai is, is by wat die woord hoor en verstaan, vrug dra en 'n oes oplewer..."*

Jesus is die Saaier.

Hy is ook die saad — wat vertrap word —, maar dit blyk eers later.

Dit is baie belangrik dat ons dit van die begin af sal begryp: Die bekende gelykenis, die vergelyking met 'n saaier, is nie 'n tydlose wysheidspreuk waarvan ons 'n lessie kan maak nie. Jesus sê nie : " 'n Saaier gaan uit om te saai" nie. Jesus sê: "Luister! Kyk! 'n Saaier het eendag gaan saai." Daar was eendag 'n Saaier. Matteus, Markus en Lukas skryf hier nie 'n sedelessie op nie, hulle vertel 'n verhaal, die evangelieverhaal.

Die verhaal van die skrynwerker se seun, wat eintlik God se Seun was, wat deur God uitgestuur is om sy genade vryelik tussen die mense te strooi, gratis uit te deel, soos brood op die water te gooi, en hoe die oes toe byna heeltemal misluk het; toe die saad die Saaier aangeval het. As God nie daarna sy Heilige Gees ook soos saad op hulle uitgestort het nie...

Die eerste mense by wie God se Saaier begin saai het, was by sy eie mense van sy eie dorp. Luk. 4:18 sê Hy het sy bediening dáár begin. Maar die grond dáár was baie platgetrap. Toe dié Saaier sy Goddelike saad daar saai, in die sinagoge nogal, het die mense woedend geword. Hulle het gesê wie is hý kamtig? Wie dink hy is hy? Is hy nie maar net die skrynwerker se seun nie? Toe het hulle Hom uit die sinagoge uitgejaag en hulle wou Hom doodmaak deur Hom oor die kranse van 'n kloof te stamp. Toe het die stomme domme voëltjies maar die vermorsde saad wat op en langs die harde pad geval het, opgepik.

Daarna het dié Saaier buite Nasaret in die ander dorpe van Galilea sy woorde gesaai, en geweldige skares getrek. Die hoogtepunt van sy eerste saaironde onder die mense, die skare, die gepeupel, was sy preke op die hange van die berg langs die meer van Galilea. Wonderskone woorde was dit dié wat Hy gesaai het. Ewige woorde. Woorde van die ewige lewe.

Maar hoewel die mense aanvanklik aan sy lippe gehang het, het dit by nadere toesien geblyk dat hulle meer in sy handige genesingswonders belanggestel het. Dus nié in die Woord-saad wat Hy gesaai het nie. Dit het skaars in hulle harte ontkiem, toe was die eerste worteltjies al op 'n rotsbank, 'n dorrebank, sonder vog en toe die son opkom, het die vruggies van die saad onmiddellik gesterf.

Dit was dus 'n nuttelose saaiery, hierdie tweede ronde. Pêrels voor die varke.

En tog het dié Saaier bly saai onder hierdie oppervlakkige opportunistiese mense — wat die een dag skree Hosanna vir die Seun van Dawid, en 'n paar dae later: "Kruisig Hom!"

In ons huidige studiegedeelte tref ons Hom juis weer aan besig om onder hulle te saai. Massas mense. Sóveel dat Hy in 'n bootjie moet klim en 'n entjie moet wegvaar dat hulle beter kan hoor en Hom nie vertrap nie.

> *Hoe die oes toe byna heeltemal misluk het toe die saad die Saaier aangeval het.*

Maar ná die teleurstelling van die eerste oeste, is daar nou 'n ander klank in sy stem. En sy boodskap is nou in 'n ander vorm gegiet. Hy saai nou anders, nou so vreemd. Dis of Hy dit doelbewus vir hulle moeiliker wil maak. Hy saai naamlik in die vorm van "gelykenisse", Afrikaans: "vergelykings", Grieks: "parabole". As hulle nie die gewone woorde van die Bergrede kan verstaan nie, sal Hy nou in halwe raaisels praat. Miskien sal nuuskierigheid hulle wakker maak, hulle aan die beweeg kry soos die gaste op Simson se bruilof.

Wat Jesus sê, is egter nie kinderspeletjies nie; nie hiér kiep-kiep, dáár kiep-kiep nie. Wat Hy sê, is harde, byna bitter woorde. Dis woorde, wat volgens sy eie uitleg, sê hulle is oppervlakkige, kinderagtige mense wat nie weet waaroor dit gaan nie.

Al drie die evangeliste verwys in hierdie verband na woorde wat God in Jes. 6 oor Israel gebruik het. Matteus sê rond-uit dis 'n vervulling van Jesaja se profesie, en haal die profeet volledig aan:

*Julle sal hoor en hoor*
*en tog niks verstaan nie*
*en kyk en kyk*
*en tog niks sien nie*
*Hierdie volk se verstand*
*is afgestomp:*
*hulle het hulle ore toegedruk*
*en hulle oë toegemaak*
*sodat hulle nie met hulle oë*
*kan sien en met hulle ore kan hoor*
*en met hulle verstand kan verstaan*
*en hulle bekeer*
*en Ek hulle genees nie*

Só saai Jesus, asof Hy die saad met sy voete en vuiste in die grond en in hulle dowe ore en stomp harte wil instamp. Julle sál nie tot bekering kom nie — waarmee Hy pleit dat hulle tog tot bekering moet kom. Veral dié wat dink dat hulle die bekering nie nodig het nie.

* * *

Jesus gee hiérdie uitleg van sy nuwe raaiselagtige preke aan sy dissipels (wat Hom daarna vra omdat húlle ook nie verstaan nie). Hy sê hulle is bevoorreg om te sien en iemand te hê wat verduidelik; méér bevoorreg as báie profete en gelowiges wat ook op Hom gehoop het. Maar Hy sê dit met verbaasde droefheid. Markus (4:13) sê Hy het gesê: "Begryp júlle ook nie? Hoe sal julle al die ander gelykenisse verstaan?"

> *Na die teleurstelling van die eerste oeste is daar nou 'n ánder klank in Jesus se stem.*

En as ons na die afloop van die verhaal kyk, en na die kruis, weet ons ook van wie die Saaier geprofeteer het toe Hy die derde kategorie saailand genoem het: die saad wat tussen die dorings en die onkruid geval het.

Dit is waarskynlik sy dissipels, sy aanhangers wat as leerlinge by Hom wou gebly het, en waarvan Johannes 6 vertel dat báie Hom verlaat het toe hulle die konsekwensies, die ware betekenis van sy woorde snap. Totdat net 12 oorgebly het — wat nie geweet het waarheen anders nie (Joh. 6:68), en van hulle het een Hom verraai, een Hom met 'n vloekeed verloën en almal Hom in die steek gelaat en aanstoot aan Hom geneem. (Matt. 26:31)

* * *

Wie was die *Fariseërs* dan? Watter element in die gelykenis?

> *Ons het die bekering nie nodig nie, want ons is al bekeerd, sê die Fariseërs, ons kom net kyk of en hoe die ander tot bekering kom.*

Ek weet nie presies nie, en Jesus sê ook nie, maar ek raai dit was die harde pad, en die rotslaag, en die dorings en onkruid wat die saad laat verstik en versmoor het in hulle skynheilige vroomheid; in hulle slawerny van die wet waarmee hulle mense oorlaai en belas. (Matt. 23:4) Hulle mentaliteit van: Ons het die bekering nie nodig nie, ons kom kyk hoogstens hoe dit vir die bose gespuis gepreek word. En as dit nodig is, intimideer ons hulle om die prediker te vermoor.

* * *

Wat dan van die goeie aarde wat so ryklik vrug gedra het — aldus dié wenende en striemende Saaier?

Ja, dié was daar tog ook — al was hulle min. Baie is geroep maar min uitverkies (Matt. 22:14); min is dié wat die Pad na die hemel vind. (Matt. 7:14)

Maar die wonderlikste was dat niemand dit só verwag het nie. Want die goeie grond was toe al die tyd die laastes wat eerste kom; waarvan Jesus so dikwels gepraat het: die laastes wat eerste kom en oorvloedig vrugte dra.

Daar was Saggeus, die oppertollenaar, wat uit die boom spring en in ekstase van dankbaarheid omdat Jesus in sy huis ingekom het, uitroep: "Here, ek gee die helfte van my goed vir die armes; en waar ek onregmatig iets van iemand per belasting geëis het, gaan ek dit vierdubbel teruggee!" Honderd, sestig, dertigvoudig? Nee, in die koninkryk van God hou alle persentasieberekenings op. Wie praat nog van 'n tiende. Niemand neem meer aanstoot as Jesus kerk hou in Saggeus se huis en daar word van geldoffers ook gepraat nie. Dié wat aanstoot neem en murmureer, staan *buite* Saggeus se huis. (Luk. 19:7)

**Na bl.19**

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/5 OKTOBER 1987*

# DIE DUIWEL SE HUISE

**Matt. 12:38–45**

*Matt. 12:40: "Soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van 'n groot vis was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte binne-in die aarde wees.*

Hierdie is nog 'n grimmige episode in die stryd tussen Jesus en die Fariseërs. Miskien moet mens liewer sê tussen die Fariseërs en Jesus, want die Fariseërs veg teen Jesus en Jesus veg om die harte van die Fariseërs. Met alle soorte hamerslae wil Hy die witgepleisterde kors om hulle harte breek.

Belangrik is die feit dat hierdie episode regstreeks op die vorige een volg: toe Jesus met hulle geargumenteer het oor hulle teorie dat sy sukses daaraan toegeskryf moet word dat Hy die duiwel met die duiwel beveg, en toe Hy hulle gewaarsku het teen die sonde teen die Heilige Gees. Teen Jesus se argumente kon hulle nie 'n woord sê nie, maar in hierdie vervolghoofstuk kry hulle hul asems terug.

"Meneer", sê party van die skrifgeleerdes en Fariseërs tóé vir Hom, "ons wil 'n wonderteken van U sien."

Dit is absoluut belaglik en lagwekkend. Pas het Jesus 'n vierdubbele wonderwerk gedoen op 'n man wat nie gebore in staat was om selfs maar 'n fraksie met geloof te help nie, want hy was doof én blind en daarom stom en dan ook nog van die duiwel besete. Hy kon nòg sien nòg hoor wat Jesus aan 't doen was. As daar ooit 'n wonderwerk was.

---

***Dis nie van domheid wat die Fariseërs 'n teken vra nie, dis van boosheid; van domastrantheid.***

---

Maar die skrifgeleerdes en Fariseërs vra, asof suiker nie in hulle mond kan smelt nie: "Meneer, Rabbi, ons wil 'n teken van U sien." So goedwillig.

Dis nie van domheid wat hulle dit vra nie, dis van boosheid; domastrantheid. Dis 'n ongelowige belediging. 'n Soort houding soos: Laat staan nou maar die slim praatjies, talk is cheap.

Dit is moeilik om uit te maak watse teken hulle presies van Jesus verlang. 'n Nog meer skouspelagtige teken is kwalik die antwoord, want hulle het selfs nie geglo toe Lasarus uit die dood teruggekom het nie – wat Jesus met die gelykenis van Lasarus en die Ryk Man ook voorspel het. (Luk. 16:31) In Matt. 16:1 vra hulle 'n teken "uit die hemel", wat 'n kommentator laat wonder of hulle iets in gedagte gehad het soos 'n verklaring in God se eie handskrif in swart op die blou hemel of die wit wolke; swart op wit.

Hoe ook al, ons kan hulle versoek só interpreteer (sê F.A. Kock) dat hulle Christus se legitimasiebewys eis. Hulle wil sy papiere sien. Al praat hulle so kamma met respek, hulle woorde sê ten diepste: Waar kry jý die reg? Wie het jóú aangestel? Wil jý miskien oor ons heers? (Gen. 37:8) Ons sal dit oorweeg om jou te glo as jy dit bo alle twyfel bewys. Die Grieks beklemtoon die jý en die jóú.

* * *

En Jesus sê: 'n Slegte en owerspelige soort mens vra tekens.

Die Nuwe Vertaling sê wel "afvallig", maar die Grieks sê "owerspelig".

Waarom owerspelig?

Waar kry jy 'n beter beskrywing van wat op die gesigte en in die harte van die Fariseërs aangaan? Hulle bely hulle trou aan God met hulle monde, maar in hulle harte sis die moordgedagtes. Soos 'n vrou of 'n man wat kamma getrou is aan die eggenoot, maar binne in die hart woeker die owerspel smagtend na ontrou.

Daarom sê Jesus daar sal geen (nuwe) teken wees nie. Die teken is al gegee. Die teken van Jona.

Soos in die vorige hoofstuk is dit weer 'n gevoelige hou wat Jesus hier teen die deure van hulle harte hamer. Hoewel Jona ook in hulle Bybel staan, sou

hulle wens dat hulle dit kon uitskeur. Ninevé was Israel se aartsvyand en soos Jona teen sy sendelingskap was, is die huidige Fariseërs dit ook. Jy doen nie sendingwerk onder jou vyande nie. Heidene is heidene.

Maar Jesus roep die Nineviete, soos Tirus en Sidon en Sodom en Gomorra, vroeër, op as getuies teen hulle. Dis 'n historiese feit dat Ninevé hom bekeer het by die aanhoor van net maar die onwillige Jona, maar Galilea en Judea kom nie tot bekering nie *terwyl dit die Seun van die mens*, dit is die Messias self is wat vir hulle preek.

> *Die moordgedagtes in die harte van die skynheilige Fariseërs is soos 'n vrou of 'n man wat kamma getrou is aan die eggenoot, maar binne in die hart woeker die owerspel smagtend na ontrou.*

Dis onweerlegbare feite. Jona staan in die Bybel. En die verhaal van die koningin van Skeba staan ook in die Bybel. Sy het van die uithoek van die aarde af gekom om maar net na (die owerspelige) Salomo te luister, en veel méér as Salomo is hier by julle.

Veel meer as Jona en veel meer as Salomo. Dáárom sal die Nineviete en die koningin uit Suid-Arabië in die oordeelsdag verdoemende getuienis teen julle lewer. Hulle het soveel minder lig gehad as julle...

* * *

Waarom gee Jesus dan nie maar die teken nie? Iets nog meer skouspelagtig – 'n ruimtetuig.

Omdat hulle nie luister na die woorde van God en wil glo nie. Hulle soek na lig, 'n bewys hier in die lig voor almal se oë (nee, nié die doofstomme blinde vol duiwels van pas nie, dis ou nuus), maar hulle harte is so donker dat dit elke stukkie lig versmoor.

En tog gee Jesus hulle 'n teken.

Maar dis 'n teken wat geloof vra. Dis 'n beloftteteken. Hy sê (ons teksvers):

*"Soos Jona drie dae en drie nagte*
*in die maag van 'n groot vis was,*
*so sal Ek, die Messias, drie dae en*
*drie nagte binne-in (die hart van) die aarde wees."*

Die chronologiese handleiding van P.J. Coetzee wat ons gebruik, "In die voetspore van Jesus", sit 'n opskrif bokant die episode: "Jesus voorspel sy dood en opstanding", en dit is inderdaad wat Hy doen. Ek sal drie dae in die graf wees, en dan sal Ek, soos Jona, na die lewe terugkom. Die laaste sê Hy nie uitdruklik nie, maar dis vanselfsprekend.

Dis tog 'n magtige teken. Die Seun van God wat sterf; God wat sterf. Vir mense mag die terugkom uit die dood 'n groter wonder wees, maar as ek die Skrif se diepste bedoeling reg verstaan, is die sterf die gróót wonder. God wat die hoogste tol betaal, sonder dat Hy hoef; net omdat hy die wêreld en sy mense liefhet. Die bose sondaars. Die wonder is die dwase genade. Géén mens sal dit doen nie (Rom. 5:7), maar God doen dit. God is nie 'n mens nie.

Maar die mense glo hierdie wonder wat Jesus aanbied nié. (Aan die einde het selfs sy dissipels dit nie geglo nie; hulle het tog nie by sy graf gestaan en wag dat hy moet uitkom nie. En die Joodse leiers het sy opstanding weggelieg.)

Dáár, waar Hy alles op die spel plaas, glo hulle nié.

Hulle ongeloof laat hulle waarskynlik dink: Wie sê Hy is méér as Jona? Wie sê Hy is méér as Salomo! Wat 'n verwaandheid van die man. Belangriker as koning Salomo.

> *Die koningin van Skeba sal teen die Fariseërs getuig, want sy het van die einde van die aarde af gekom om maar net na (die owerspelige) Salomo te luister.*

Jy sien, hulle glo Hom eenvoudig nié. Soos ons eenvoudig die Bybel by tye, die Bybel geskryf deur die ooggetuies, nie wil glo nie. En as daar iets gebeur wat eenvoudig onomstootlik waar is, soos die duiwelbesetene, dan sê hulle Hy heul met duiwelskunste.

* * *

Waarom doen hulle, en ons, dit?

Daar is baie redes, waarvan die dwaasheid van die sonde die grootste is, maar één spesifieke rede daarvoor is dat hulle Jesus nie nodig het nie. Hulle wil nie só 'n Messias hê nie. Hulle wil een hê wat die Romeine verdryf en in Jerusalem op 'n troon gaan sit. Wat genadeloos afreken met die vyande, nie met die sonde in hulle harte nie. Hulle het nie sonde nie, ja 'n glipsie hier en daar, maar nie eintlik

nie. Daarom het hulle nie genade nodig nie. Hulle het self met die sonde klaargespeel.

Wat Jesus hiérvan dink, staan skel en welsprekend in verse 43 tot 45. Dis 'n waarskuwing so ernstig soos dié teen die sonde teen die Heilige Gees. Dis 'n ontmaskering wat elke oormoedige vrome Fariseër, oud of modern, behoort te laat ruk van die skrik.

*Die sterwe van Jesus is, op 'n manier, 'n groter wonder as sy opstanding.*

Julle dink julle harte is skoon en regverdig? Letterlik: leeg (van die sonde), gevee en netjies in orde? Julle reken julle het die dinge tussen julle en God reggemaak? Pas op! Pas op! Die duiwel wat júlle uitgedryf het, sal verveeld raak in die woestyn (vgl. Jes. 34:14) en hy sal terugkom. En as hy sien jou hart is nie beset deur God se genade en troos nie, maar leeg, skoon, en o so netjies, dan bring hy sy sewe slegste maats en gaan woon weer daar. Dán is jy slegter (af) as wat jy ooit was. Dán staan jy vóór in die tempel en dank God dat jy nie so sleg soos ander mense is nie, 'n "gebed" wat God haat. Dan is selfs hoere en tollenaars beter as jy. Moenie dink die duiwel is nie slim genoeg om die huis hierdie keer netjies aan die kant te hou nie. C.S. Lewis het gesê as iemand tot bekering kom, verander die duiwel van taktiek en probeer hom trots maak daarop. (In The Screwtape Letters.)

*Hulle het Jesus nie nodig nie, want hulle wil nie só 'n Messias hê nie. Hulle wil een hê wat genadeloos afreken met hulle vyande, nie genadiglik met die sonde in hulle harte nie.*

Só, sê Jesus, gaan dit met die slegte wat ongelowig voorgee dat hulle goed is. Die van vandag en van alle tye.*

* Bevestiging vir my vermoede dat dít die uitleg van verse 43–45 is, het ek gevind by Alexander Bruce (The Expositor's Greek Testament): "The ornamentation (of the house) must be to the taste of the tenant. And what was that? Neither for sin nor for grace, but for sin counterfeiting grace ... sanctity which is but a mask for iniquity. The house is decorated reputedly for God's occupancy, really for the devil's." Vreemd dat Nielsen (Pred. v.h. N.T.) die verband nie raaksien nie.

# MOSES DIE SAGMOEDIGE

In Num. 12:3 staan dat Moses 'n baie sagmoedige man was — sagmoediger as enigiemand anders op die aarde.

Dit is 'n merkwaardige woord. Is Moses dan nie die man wat op 40 'n Egiptenaar in 'n woedebui doodgeslaan het nie?

U ken mos die geskiedenis: Hoe die Egiptenaars die Israeli's se arbeid wou hê, maar nie hulle getalle nie, en toe moes al die seuntjies doodgemaak word, maar toe sit Moses se moeder hom in 'n drywende mandjie, en toe word Moses as 'n Egiptiese prins groot — nadat sy eie moeder hom aan haar bors gevoed het.

*Die veertig jaar in die woestyn is die prys wat die sagmoedigste man in die wêreld vir sy opvlieënde humeur betaal het.*

Maar toe het geblyk dat sy voeding meer invloed op hom uitgeoefen het as sy opvoeding, want op 40 het hy toe die saak van sy volk opgeneem, wat hom in die steek gelaat het, en toe het Moses vir sy lewe gevlug na die land Midian, waar hy die tweede 40 jaar van sy lewe gebly het.

Dít is die prys wat die sagmoedigste man in die wêreld vir sy opvlieënde humeur en sy warm bloed betaal het.

En op 80 het God toe met hom gepraat. Maar toe het dié man, wat die Bybel die sagmoedigste van alle mense noem, die eer van die hand gewys om sy volk te gaan verlos. Daar staan nie dat hy vir God kwaad was oor die veertig jaar in die woestyn — wat die Bybel in net ses versies afhandel met die oppas van skape as die enigste vermelde aktiwiteit — nie. Daar staan nie dat hy vir God geskree het: "Waar kom U nou vandaan?" nie. "Nou dat die fleur van my lewe verby is" nie. Daar staan wel 'n klomp woorde wat 'n mens die indruk gee dat die woestyn en die tagtig jaar van Moses 'n siniese ou man gemaak het: dat hy nie eers meer die durf en die drif gehad het om met God te twis nie. Hy bly maar net verskonings uitdink — selfs nadat die Here vir hom nagmaal gehou het: met 'n kierie wat 'n slang en weer 'n kierie word; met 'n hand wat me-

laats en gesond word; en met water wat in bloed verander: Tekens wat God aan hom gegee het om hom en die Israeli's te help glo.

Toe sê Moses: Here, ek kan nie praat nie. Ek is nie wel ter tale nie. Sal U nie maar asseblief iemand anders stuur nie? Laat my tog maar in vrede — my tyd is verby. U het 'n oordeelsfout begaan met my. U tydsberekening was uit. Ek is nie beskikbaar nie. Stuur asseblief iemand anders.

*Daar staan nie dat hy vir God geskree het: "Waar kom U nou vandaan? Nou dat die fleur van my lewe verby is" nie. Dit wil voorkom asof die woestyn en die tagtig jaar van Moses 'n siniese ou man gemaak het.*

Daarna staan daar in die Bybel geskrywe dat God toe kwaad geword het, en Äāron, Moses se broer, hom daar aan die hand laat wegsleep het, en só het die derde 40 jaar in Moses se lewe begin.

So het Moses, die sagmoedige, een van die wêreld se grootste leiers geword wat Israel met ferme optrede uit Egipte gelei het en dapper die oordele van God oor Farao uit die hemel afgeroep het.

En dan, 'n hele tyd later, ontmoet ons Moses by die berg Sinaï of Horeb, waar die Here ook die eerste keer met hom gepraat het, en ons ontmoet hom in die vreemdste situasie: God is besig om die Tien Woorde van sy Verbond met sy eie vinger op twee plat klippe te skrywe, terwyl die Israeliete — wat tot in daardie stadium aan Moses reeds oneindig baie moeilikheid gegee het — besig is om 'n goue bulkalf te maak en rondom hom te dans. Toe stuur die Here vir Moses met die twee heilige kliptafels van die berg af, om te sien wat sy mense besig is om te maak. En toe dié man, wat altyd die sagmoedigste mens op aarde genoem word, hierdie verskriklike ding sien — wat met die kruisiging van die Here Jesus vergelyk kan word — het hy so woedend geword dat hy die twee kliptafels met die Here se eie handskrif daarop teen die voet van die berg stukkend gegooi het.

U moet u dit maar voorstel. Dalk het u ook al 'n keer 'n koppie of 'n bord stukkend gegooi of op u vrou of kinders of swartes geskree.

Na alles wat God gedoen het...! En veral ná Moses se geduld van 40 plus 40 jaar (!!) kan húlle nie veertig dae wag nie (soos Jesus se dissipels in Getsemané). Nou dans hulle om 'n goue bulkalf...

Daarom het Moses soos 'n besetene te kere gegaan. Hy het die kalf fyn gemaal en die kosbare goud en silwer in hulle drinkwater gegooi. En toe, sê die Bybel, het hy hulle gedwing om die water te drink. "Toe! Drink julle god! Drink hom in en op!" En hy het vir Äāron geskree: "Wat dink jy het julle nou gedoen!" (Dis die man wat nie kon praat nie, wat deur Äāron gehelp moes word om te praat.) " 'n Mens kan ook nie jou rug draai nie!"

En toe het Moses 3000 mense met swaarde laat doodslaan. Dink hoe moes dit gelyk het. Die één man wat die hele volk uitdaag. En die Leviete wat doodslaan net wat hulle kan bykom — op bevel van Moses wat die ingang van die kamp blokkeer.

En toe, na al die sonde en woede en bloed en geskree en gevloek, het daar 'n suising van 'n sagte stilte gekom, en nóg 'n heilige voorspel op die kruis. Kyk, Moses het na God toe teruggeloop — God wat gesê het Hy wil hierdie slegte mense tot die laaste man uitdelg, en Hy sal met Moses 'n nuwe volk begin. As Hy dit met Abraham op 100 kon doen, kan Hy dit met Moses op 81 ook doen.

Maar toe het Moses in die bres gaan staan. En Moses het gesê: "Vader, vergewe asseblief hulle sonde — hulle het nie geweet wat hulle doen nie." Juis omdat hulle gedink het hulle weet, het hulle nie geweet nie. Moses het 'n middelaar geword, homself as offer aangebied: Vergewe tog, en as dit nie kan nie, vee dan mý naam uit die boek van die lewe, die doopregister, uit. Maar moenie húlle name uitwis nie. Moenie die formulier van die ban lees nie.

*Hier kan u sien wat met 'n hakkelaar en 'n stotteraar gebeur as God hom leer praat. Hy praat Gód om.*

Kan u glo dat dit dieselfde man is wat gesê het: "Stuur iemand anders; ek kan nie praat nie..." Kan u glo dat dít die man is wat op 40 al begin mense doodslaan het? Kan u sien wat gebeur met 'n hakkelaar en 'n stotteraar as Gód hom leer praat? Hy praat Gód om! Hy bring 'n heilige verleentheid oor God. Hy word sagmoediger as God. God wil doodmaak, maar Moses wil red. Hy pleit by God. Hy redeneer met God: om van plan te verander. Dít noem ons die heilige verleentheid van God, sê Noordmans. Hiérdie eienskap van God kom gewoonlik nie in die teksboeke voor nie, maar miskien is dít die eienskap van God wat ons Hom die meeste kan laat liefhê. Die sagmoedigheid van God; dat Hy oor die regverdiges én onregverdiges laat reën en son laat skyn, die "volmaaktheid" wat

Matt. 5:48 sê ons ook moet hê; God wat Hom laat ompraat om kalfaanbidders te vergewe.

God kom dus in Moses sý Moses teë. Hy ontmoet in Moses sy eie volmaaktheid – 'n onbegryplike gebeurtenis wat met géén formule uitgedruk kan word nie. Was dit dan nie God wat gesê het dat Hy Moses sal leer praat nie? En nou praat Moses God se taal. Hy het op 80 leer praat. Elke doop is 'n kinderdoop.

> ***Die heilige verleentheid van God kom nie in die teksboeke as eienskap van God voor nie, maar miskien is dít die eienskap van God wat ons Hom die meeste kan laat liefhê.***

En daar staan geskrywe dat die Here uitstel vra om te besluit wat Hy met die mense sal doen. Hoe anders is God tog as wat ons gedink het. God is nie 'n standbeeld nie, God is Gees. As Josef in die aangesig van Juda se middelaarspleidooi in trane uitbars, hoeveel te meer God wat in Hosea 11 laat neerskrywe dat sy hart oorslaan, dat sy liefde soos vuur brand, dat Hy sy woede nie sal laat botvier nie, want Hy is God en nie 'n mens nie. En wat anders het die Vader gedoen as om te ween toe Hy ná Jesus se vierde kruiswoord sy gesig 3 ure lank in duisternis toegevou het? En daarna die mense gered het, en die volk nie uitgewis het nie, omdat Hy die offer aan die kruis aanvaar het.

Só het die menslike, opvlieënde, warmbloedige Moses, Moses die sagmoedige geword. En Israel ná Sinaï en sy goue bulkalf 40 jaar lank deur die woestyn gelei met sy debarim, sy Deuteronomiumwoorde, tot op die drumpel van die beloofde land.

> ***Wat anders het die Vader gedoen as om te ween toe Hy na Jesus se vierde kruiswoord sy gesig drie ure lank in duisternis toegevou het?***

Maar in die beloofde land het Moses self nie ingegaan nie. Hy het in die land Moab gesterf. En by die begrafnis van Moses was God alleen teenwoordig. Hy is ook die enigste een wat weet waar Moses lê. Met sy eie hande het God sy kneg se graf toegemaak, nadat Hy hom in die dood laat insluimer het – wat die dood vir almal is wat die Here ken. God vind dit onnodig om die hele Israel na Moses se begrafnis te nooi. Hulle sou tog net afgodery daarmee bedryf het. God sorg daarvoor dat Jesus se graf leeg is as die vroue met hulle misplaaste emosie en ongeloof opdaag om te beween en te balsem.

So sterf Moses dan in die hande van God. Maar as die koninkryk van die hemele naby kom, en as Jesus die heerlikheid daarvan van ver bekyk vanaf 'n hoë berg, soos Moses kort voor sy dood Kanaän vanaf die berg Nebo kon besigtig, dan is Moses al weer wakker en praat Hy saam met Elia oor Jesus se lyding en dood, en weet hy waarvan hy praat.

Die dood is in die Bybel nóóit die uitblus van die lewe nie. Die dood is iets anders as wat óns daarvan dink en vrees. In God se hande word die dood vervulling. As God op die berg Nebo, in die heidense land Moab, die Beloofde Land aan Moses toon, en daarna moet sterf, lyk dit vir ons hard en onbillik, maar op 'n manier bekyk, is dit die bekroning van sy werk: dáárvoor het hy die Egiptenaar doodgeslaan, dáárvoor het hy 40 jaar in die woestyn gesoek, dáárvoor het hy die hardkoppige volk met sy sagmoedigheid nog 40 jaar deur die woestyn gelei. Die Beloofde Land was die dryfveer, die telos in hierdie teleologiese proses, die voleinding van die geloof.

> ***Wat wou ú hê moes God met Moses in Kanaän maak? Moes God hom daar pensioneer?***

Maar sélf mag hy daar nie in nie. Wat wou u hê moes God met hom in Kanaän maak? Moes God die 120-jarige met die helder oë en verstand en die vaste tred, dáár pensioneer? Wat sou gebeur het as Jesus na drie jaar ampswerk Hom êrens sonder werk op 'n plek gaan vestig het? Wat sou daar gewees het om te verkondig? Jesus se dood was die onbegryplike en ondeurgrondelike beloning vir sy dienste, en sy opstanding het die evangelie moontlik gemaak en die wêreld verander.

Kyk, Moses was nie Jesus nie. Maar die lig wat van die kruis op die dood van Moses val, laat ons dit eers in die regte lig sien. En hierdie lig verlig ook die dood, die lewenseinde, van elke kind van God. Die lewe is nie 'n gelyke, 'n horisontale baan nie. Die lewe het 'n top, 'n berg Nebo waarheen 'n mens opklim uit die veld van Moab. Maar 'n mens kan nie op dié top bly staan en blý lewe nie. 'n Mens sien van daar af wel die beloofde land, maar die poort wat daarheen lei, is die dood.

Moses, sê die Bybel, was die sagmoedigste mens op die aarde. Sy opstandige hart het rus gevind in God. Dáárom het Moses hom deur God van die hoogte na die vlakte in Moab laat lei, om dáár deur God begrawe te word.

('n Parafrase van vier Noordmans-meditasies in 8/192-200)

# BY DIE BEGRAFNIS VAN 'N JONGMAN

In die dieptepunt van ons lief en leed loop ons voete as vanself kerk toe. Met huwelik, doop, en ook met die dood. Dan wil ons nie weet wat mense sê nie. Ons wil weet wat Gód sê. Ons wil die lig van sy Woord sien val op die donker in ons lewens; die donker waarin ons in ons leed wil verstik.

Maar die lig van Gods Woord is nie soos dié van 'n handboek wat antwoorde op raaisels gee nie. Ons kom nie kerk toe met 'n frons oor iets wat ons nie verstaan nie, en as ons huis toe gaan dan glimlag ons want nou verstaan ons nie. Ons kom hiernatoe om ***getroos*** te word. Soos 'n klein seuntjie wat sy knie stukkend geval het nie belangstel om te hoor hoe pappa verduidelik waarom hy geval het nie — hy wil net sy gesiggie teen pappa se growwe baadjie druk en deur pappa se sterk hande vasgehou word.

Die skokkende dood van Leon is nie te verstaan nie. Dis 'n raaisel, 'n geheim, wat 'n geheim sal bly. Dit was 'n ongeluk. Selfs as 'n jongman 'n dodelike siekte opdoen kan die mense nog sê — al is hulle ook hartseer — "hy is dood aan dié of dáárdie siekte", maar Leon is dood in 'n skokkende ongeluk soos 'n bliksem uit die hemel.

* * *

Ek het baie gedink oor die Bybel — ná Leon se dood: of die Bybel ook van ongelukke vertel. En ek kon nie aan één dink nie. Die Bybel vertel ook van mense wat skokkend en gewelddadig gesterf het, maar nie van ongelukke nie. Die Bybel sê altyd hoekom God iets laat gebeur het. Net die heidene weet te vertel van die gode wat self slagoffers is van die Noodlot. Van gode wat magteloos was om 'n groot ramp te voorkom — soms omdat die gode self in gevegte met mekaar betrokke was.

> ***Ons kom kerk toe nie om te verstaan nie, maar om getroos te word. Soos 'n klein seuntjie wat sy gesiggie teen pappa se growwe baadjie druk.***

Maar ons, die Christene, weet nie van so iets nie. Ons weet nie van 'n God wat soms wegkyk of insluimer en dan gebeur daar iets wat Hy kon voorkom het nie. Ons weet net van die bewaarder van Israel wat nooit sluimer of slaap nie; van die Vader wat weet as 'n dooie mossie op die aarde val, selfs as 'n haar van ons hoofde sonder óns wete in die wind wegwaai.

In die program van die diens maak die familie melding dat dit God 'behaag' het om Leon weg te neem. Wat dit ook al beteken, dit beteken nie dat dit God vreugde gegee het nie. Hy het Hom nie behaaglik daarin verheug nie. Nee, dít is in stryd met alles wat in die Bybel staan. Die Bybel sê so duidelik dat niemand dit kan miskyk nie, dat God diep geraak word deur ons leed; dat Hy innig bewoë is oor ons lot; dat sy hart in Hom omkeer oor die nood van sy kinders (Hosea). In Hebreërs staan daar dat Hy Hom nie oor die engele bekommer nie, maar oor die kinders van Jakob ***bekommer*** Hy Hom. Hy ween oor die dood van Lasarus. Hy kry die skare innig jammer omdat hulle soos skape sonder 'n herder is.

Dit moet u baie duidelik weet: God het u lief. God voel innig jammer vir u. God wil u teen sy bors druk en u met sy woorde troos. Sy Gees se Naam is Trooster.

* * *

Nou sal ongelowige mense ons maklik uitlag oor wat ons glo. Hulle sal sê dis tog dwaasheid om te sê die Here het Leon weggeneem, met opset, en nou kom julle troos by Hóm soek? Ja, dit ís — menslik gesproke — dwaasheid, maar na wie anders toe sal ons gaan? Ons is nou eenmaal mense van dié Bybel wat die prediking en die geloof dwaasheid noem. Paulus praat selfs van die dwaasheid van God. Ons is God se dwase. Ons wat, met die tergende pynigende geheim, by dieselfde God wat geneem het, se growwe baadjie en sterk hande kom troos en hulp soek.

Die Bybel praat egter ook van 'n ander dwaasheid. Hy noem dit selfs 'n skande, maar ook 'n raaisel, 'n geheimenis. Dit is die raaisel en die dwaasheid van die dood van die Seun van God; ook baie jonk. Net drie en dertig jaar.

Los van die dwaasheid van die geloof is dít 'n vreemde grusame verhaal. Op 'n manier beskou was dit nie die bedoeling van God dat sy Seun moes sterf nie. Jesus het 'n gelykenis vertel van die man met die wingerd wat elke keer sy bodes gestuur het (dit was die profete) om die huur in te vorder, maar die huurders het hulle geslaan en weggejaag.

Toe het Hy besluit om sy Seun te stuur, want, het Hy gedink, "miskien sal hulle Hom ontsien".

Maar toe het die mense Hom doodgemaak. Hulle het Hom geslaan en in sy gesig gespuug, en Hom uit die stad uitgeskop — soos mens met 'n vervloekte maak — en Hom aan 'n stuk hout laat vasslaan wat in hulle tradisie beteken het dat Hy 'n vervloekte was.

Hy was dit ook. Dit is die raaisel van God se liefde. En dit is die begin van die oplossing van die raaisel van Leon se dood.

Want kyk, toe het God die grootste wonderwerk van die geskiedenis gedoen: Hy het Jesus uit die dood laat terugkom en die mense nie doodgemaak nie. Hy het die mense nie hulle verdiende loon gegee nie, maar 'n onverdiende, 'n genade-loon. In plaas daarvan dat Hy die mense doodgemaak het, hulle vergeld het vir die moord op sy Seun, het Hy die mense gered. Hy het hulle met hulle eie galgkruis gered. Hy het die kruis uit hulle hande geruk en daar 'n operasiemes van gemaak en die dodelike sondekanker en die hel daarmee uit hulle uitgesny.

> *Ons, Christene, weet nie van 'n God wat soms wegkyk of insluimer en dan gebeur daar iets wat Hy sou kon voorkom het nie.*

En deur uit die dood op te staan, het Jesus die dood oorwin. En daardie oorwinning het Hy ook vir ons gegee. Hy het 'n kerk gestig — 'n kuriaké, wat beteken dié wat aan die Heer behoort. Hy het hulle geróép sê die Bybel, en daarom word sy gemeente ook 'n ekklésia genoem, die uitgeroepenes. Dié wat Hy uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. Die slegte mense met die nuwe harte; die begenadigdes.

* * *

Van hiérdie kerk was Leon ook 'n lidmaat; 'n ledemaat. Die kerk is die liggaam van Christus — omdat Hy met die doop gesê het hulle het saam met Hom aan die kruis gehang, saam met Hom die graf ingegaan en sáám met Hom uit die dood opgestaan; en van hierdie liggaam was Leon 'n ledemaat. 'n Vinger, 'n hand, 'n oor, 'n voet.

En die Heer, die Hoof, die Kop van hierdie liggaam het deur sy Gees, die Asem van sy liggaam gesê dat elkeen wat in Hom glo, sál lewe al het Hy ook gesterwe. Hy sal nooit weer sterwe nie; tot in ewigheid nie. Wel, Leon hét geglo. Sekerlik het hy ook foute gehad, maar dié het Jesus op die kruis voor betaal. Hy het geglo, en Jesus het gesê wie glo tot die einde toe, sál gered word.

Is u oorweldig deur die raaisel van Leon se dood? Laat u dan troos deur die raaisel, die geheim van Jesus se dood. God het hierdie geheim aan ons geopenbaar. Die geheim wat elke Sondag in die kerk verklap word: dat die lewe sterker is as die dood; God se genade sterker as die sonde.

**TE VOET DEUR DIE KATEGISMUS**

# DIE SEUN, DIE KINDERS EN DIE HERE

Die Kategismus, wat ons voetjie-vir-voetjie behandel, het vertel dat ons verlore in die sonde is, maar dat Christus ons daaruit gered het.

Toe vra hy of *almal* gered word, en antwoord: nee, net dié wat glo. In 23:61 sal hy nog sê dat dit streng gesproke nie my geloof is wat my red nie, maar nóú is hy nog besig om die geloof, die *inhoud* van die geloof, uiteen te sit aan die hand van die oudste samevatting daarvan: die Twaalf Artikels.

Wel, in die Twaalf Artikels bely ons: "Ek glo in Jesus Christus sy *eniggebore Seun.*"

En die Kategismus vra: Wat bedoel jy as jy dít sê? As Jesus die enigste Seun van God is, is óns dan nie ook kinders van God nie? Eintlik vra hy dit nie, hy *sê* dit: Ons is dan kinders van God, hoe kan Jesus sy enigste Seun wees?

Die antwoord vertel die soveelste keer die evangelie.

Ons is aangenome kinders. Daar was 'n tyd toe ons nie kinders was nie; toe ons by die varke was. Christus is die "ewige *natuurlike*" Seun van God, maar ons is "van *nature* kinders van die toorn". (Efes. 2:3)

Ons is aangenome kinders, maar ons is nie stiefkinders nie. Die Kategismus bedoel nie om maar iets af te doen van ons kindskap nie. Maar ook nie van die genade van God nie. Daarom sê hy: Ons is aangeneem as kinders van God as gevolg van die *liefde* van God. Die grootste liefde wat nog geopenbaar is. "Om Christus ontwil" en "uit genade".

Dit bring ons by die dieptelaag van die vraag en antwoord wat ons nie moet miskyk nie. As ons sê ons glo in die enige Seun van God, doen ons dit nie om die vraag te veroorsaak oor óns kindskap, oor: hoe rym dit dan nie. Ons bely die liefde van God. Dat Hy, eerder as om die wêreld en ons verlore te laat gaan, sy enige, sy enigste, ewige, natuurlike Seun gegee het tot in die hel van die kruisdood.

* * *

Waarom noem jy Hom (net daarna in die Apostoliese Geloofsbelydenis) "ons Here"?, vra vrg. 34.

Dit is tegelyk 'n maklike en 'n moeilike vraag.

Natuurlik is Hy ons Here. Hy is God, en God is Here.

Maar ons moet nie vergeet nie dat ons vir mense ook "heer" sê. Meneer, mijn heer. Dit is 'n aanspreekvorm wat kom uit die slawetyd toe 'n slaaf sy baas "heer" genoem het. En dit beteken: Dié een wat my besit; wie se eiendom ek is.

Nou sê die Kategismus: Ek noem Christus my Heer — omdat ek sy eiendom is. Want: Hy het my na liggaam en siel (d.i. vir tyd en ewigheid) "tot sy eiendom vrygekoop". Ek is sy eiendom. Hy het betaal "met sy kosbare bloed".

Van wie het Hy my gekoop?

"Van die sondes", sê die Kategismus, en "uit alle heerskappy van die duiwel".

Het Christus dan sy bloed aan die duiwel en die sonde aangebied in ruil vir ons siele? Het die duiwel met Christus se bloed weggestap, en Jesus met ons siele?

> ***Het Christus sy bloed aan die duiwel en die sonde aangebied in ruil vir ons siele? Het die duiwel met Christus se bloed weggestap, en Jesus met ons siele?***

Nee! Ons was gevangenes van die sonde en die duiwel, en toe ontset, toe verlos Jesus ons — deur die duiwel te oorwin. Dit was 'n stryd om lewe en dood waarin Jesus die hoogste prys betaal het. Maar toe het Hy ook die dood oorwin.

Só het ons die eiendom van God geword; sy slawe.

En tog nie regtig slawe nie. Want ons Here het ons vrygemaak, om waarlik vry te wees. (Gal. 5:1)

**Van bl. 32** **SELONS OU KENSE**

Toe Oom Abraham op die been kom: wêreldwys, urbaan, dinamies, verbysterend beeldskoon en hondmak aangetrek, vergaan hoor en sien byna vanweë die pandemonium van applous. Hy hef sy hande beswerend omhoog soos 'n Ou Testamentiese profeet onder sy terpentynboom en wag tot die stilte asemloos en koorsig oor almal lê en dan... asof hy oor 'n ontsaglike afstand praat, sy stem deur 250 megawatt klankversterkers verheerlik tot byna onhoudbare klankintensiteit, sy gelaat verhef tot 'n kroonkandelaar wat skitter met duisend kristalle in die lig, ylhoofdig in sy grootheidswaan, 'n demagoog op die politieke verhoog, sy arms opgehef na die wolke in 'n wydse retoriese gebaar — eloquentissimus gigantis, reus van 'n redenaar.

Donderend galop hy deur die trogte en oor die golftoppe van sy Germaanse moedertaal, seepglad afgewissel met die Angelsaksiese dialek, die Galliese brousel en as toegif enkele woorde in die tale Kanaäns. Soos 'n Oerbabiloniese troonrede dawer sy toespraak met kanongebulder sodat die gehoor se ore síng van die geweld. Meedoënloos (ruthless) slinger hy die kartetse van propagandistiese formules, ontplof die mortiere van indoktrinasie, verblindend skroei die vlamwerpers van ontmaskering, vuurspuwend brand die lonte van skokonthullings, spuitaangedrewe bars die HEL oop dat die derms, bloed en kwyl spat.

Onafgebroke knetter die kleingeweervuur agterna oor opportuniste, meelopers, skeibrekers, hensoppers, draadsitters, saamslapers, uitsuipers, hanskakies en almal wat 'n ergerlike lewe lei.

Maar na die ballistiese konflagrasie met sy brisante verbryseling laat sak hy die helikopters van verlossing, loei die ambulanse van redding, verbind hy die gebrokenhede, heel hy die smarte en verwyder hy die eelte en spatare en knobbels van 'n onregverdige wêreld.

En dis tóé dat die vrot tamatie hom tref. 'n Oomblik van stomme, roue verbystering, en toe tref die skokgolf van verontwaardiging die gehoor. Stoele breek, vuiste klap soos nat vleis wat op 'n sementvloer val, vrouens gil soos dieselenjins op Noupoort en hol halfgekleed rond, glase breek, angsvolle siele skreeu om hulp, mans brul soos walrusse en breek met brute kale hand bakstene uit die mure en planke uit die vloer. Een ou tante wat die heeltyd 'n soldeerbout op 'n brandende praaimus gesit en warmmaak het, saai amok en brand sulke rokerige gate in 'n vet oom se ribbes dat jy net iets soos kruit en salpeter ruik. **Na bl. 10**

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 3/5 OKTOBER 1987*

# SELONS OU KENSE

***Dit was bitter onbillik dat die tamatie Oom Abraham getref het net toe hy begin om die skare te verbind. Maar ondank is wêreldsloon.***

**Nico Steenberg**

Toe die Feeskomitee van P vir oom Abraham Roos nader om daar as feesredenaar op te tree, het dit hom weer laat dink, sê hy (want baie dinge laat hom aan baie ánder dinge dink) aan die slag toe hy sy hand aan 'n politieke toespraak in die Bosveld gewaag het.

Toe hulle daar aankom, vertel oom Abraham, staan daar buite rondom die stadsaal rýe plakkate teen die bome en pale met vet letters: **Politieke rewolusie, Stigtingsvergadering, Ideologiese Dinamiet** en op een plakkaat: **Waar slaap jou Dogter vanaand**?

Sommiges het van ver gekom. Van so ver as Welkom in die Oranje-Vrystaat. Busse met mynwerkers van Western Deep levels en Concord Explorations het aangekom. Invalides is met kombi's aangery. Die ontevrede voetplaatpersoneel van die spoorwegwerwe was daar, boere en veeherders uit die Noord-Transvaalse boswêreld, staalwerkers uit die Vaal-Driehoek, boervrouens uit die Westelike woongebiede.

Teen seweuur was die saal reeds so vol dat as iemand van opinie wou verander hy dit buite moes gaan doen, onder die bome. Die voorsanger het die vergadering goed laat sing: Waar Perdeberg begin tot ver in die Transvaal, en Afrikaners Landgenote en Dierbaar Suid-Afrika en Hoor jy die Magtige Dreuning.

Om halfagt moes emeritus-stoeier Crusher Coetzee vir hom 'n pad na die verhoog oopstoomroller. Crusher se hemp is oopgeknoop om al sy spiere te kan akkommodeer. Oom Abraham stap met 'n grimmige gesig en met daardie minagting vir die proletariaat asof hy 'n baie belangrike ding gaan doen op die plek waarheen hy stap, so asof hy die lotgevalle van volkere en tale en nasies gaan verseël. Daarom sien hy nie bra hoe die mense hom met 'n staande ovasie verwelkom in hulle boesem nie. Onder donderende applous betree hy die verhoog met sy gebruiklike veerkragtige tred en skoon bebliksemd soos hy onder die spervuur van perskameras deurloop en hy voel daardie opstuwing in die bloed soos wanneer 'n mens na militêre marsmusiek luister. Dan kry 'n mens mos 'n kolletjie hoendervleis op jou stuitjie wat so teen jou ruggraat opsprei. Daarom lig hy maar net sy regterhand in 'n teatrale groet vir die skare, terwyl hy met sy linkerhand skelmpies sy stuitjie tussen sy wange krap vanweë die gekriewel.

Die Voorsitter het oom Abraham se lof besing, die gehoor op 'n hagiografiese ekskursie geneem, 'n hoendervelwekkende epos oor hom gelewer tot in die derde en vierde geslag — terwyl ook hý skelmpies tussen sy wange krap — hom in die algemeen opgehemel en in die besonder bewierook as tegelyk 'n besonder dapper man en 'n uiters welsprekende redenaar met ware grootheid van gees. Daarby: stoere Vaderlander, onverdrote handhawer, Republikein in murg en been, in hart en niere. Grootmeester in die wedvlugduiwesport en, les bes, in die roeping wat hy self die hoogste ag: Seun van Suid-Afrika, Sout van die Aarde (Toej.).

**Na bl. 31**

